

Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlijkheid van die Here soos die waters die seabodem oordek.

Vol. 19, No. 1

Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde Jan-Feb 2019 *Tomorrow's World*-tydskrif



'n Persoonlike boodskap van

Gerald E. Weston, Hoofredakteur

Ons grootste hoop

Ons wêreld verander vinniger as wat dit u sal neem om hierdie tydskrif te lees. Wat sal die einde wees? Die verrassende antwoord is dat ons nader beweeg na 'n wêreld van vrede! Laat ons egter nie die nabye toekoms vooruitloop nie. Die tyd wat binnekort voorlê, gaan nie mooi wees nie. 'n Nuwe donker tydperk sal voor daardie vreedsame tydperk kom.

Die Verenigde State is steeds die leidende wêreldmoondheid, maar so verrassend as wat dit vir baie Amerikaners mag klink, sal dit nie vir ewig so bly nie, *Geen* ryk het vir ewig bestaan nie. Ons kan ons voorstel dat die landsburgers van vorige beskawings ook verwag het dat hulle regerings sou bly voortbestaan. Die “on-indringbare” stad Babel met sy groot ryk is in een nag deur die Meders en Perse ingeneem. Nie een van hulle het dit voorsien nie. Die Persiese Ryk het tot 'n val gekom as gevolg van die waaghalsige verowering van Alexander die Grote en sy Grieks-Macedoniese Ryk, wat later weer tot 'n val gekom het as gevolg van die opkomende mag van Rome. Soos ons weet, het Rome se mag en oorheersing ook tot 'n einde gekom. Baie mense regoor die wêreld hoop met oorgawe op Amerika se ondergang, maar het geen idee wie die vakuum sal vul of wat die gevolge sal wees nie.

Reggesinde partye is aan die opkom in die

wêreld. Die AfD (Alternatief vir *Deutschland*) is nou die derde grootste politieke party in Duitsland en maak uitsprake wat net vyf jaar gelede ondenkbaar en onaanvaarbaar sou wees. Sy leiers sê nou met vrymoedigheid wat baie Duitsers dink, maar in die verlede *te bang was om te sê*. *New York Times* skrywer Brian Dawson het onlangs 'n artikel afgesluit met hierdie ontnugterende vraag oor die AfD: “Sal sy visie op die grense van die Duitse [sic] samelewing bly of verder in die hoofstroom inbeweeg en die kern daarmee saamsleep?” (“*How the Far Right is Shaking Germany's Political Order*”. *NYTimes.com*, 31 Oktober 2018).

Wie sal die vakuum vul wanneer die Duitse kanselier Angela Merkel in 2021 aftree? Hierdie Werk het dekades lank die opkoms van die verregses in Duitsland voorspel, wat 'n sterk leier in die hart van Europa sal meebring. Tien konings sal uiteindelik hulle mag aan hierdie charismatiese leier oorgee om 'n magtige moondheid van wêreldwye invloed te skep wat met die huidige oorheersende Engelssprekende nasies sal wedywer.

Die nie-so-Verenigde State

Die Verenigde State is erg verdeeld en is glad nie meer verenig nie. Die nasie was nog nooit so verdeeld sedert die Amerikaanse Burgeroorlog nie

en daar is geen aanduiding dat die kloof oorbrug kan word nie. Hoe kan mens 'n kompromie aangaan oor die onderwerpe van aborsie, die LGBT-agenda, hulpverlening om te sterf en oop grense? Waar is die middeweg vir aborsie? Begin die lewe by bevrugting of nie? Is dit moreel reg om 'n ongebore kind dood te maak?

Wát enigiemand ookal van die VSA president Donald Trump mag dink, hoe kan enigiemand dit rasioneel betwis dat 'n land sonder grense nie meer 'n land is nie? Waarom sou enige land mense toelaat om in hulle groot stede in te vlieg, *sonder enige vooraf goedkeuring* en hulle dan verwelkom om daar te bly? Is daar 'n verskil tussen om in 'n land in te loop of daar in te vlieg? Behoort elke land nie, ongeag hoe deernisvol ookal, die reg te hê om te beheer wie deur sy hekke ingaan nie? Die *Wêreld van Môre* ondersteun of opponeer nie kandidate vir openbare posisies en vind nie links en regs fout oor die politieke spektrum heen nie. Tog is sommige dinge net dwaas en verkeerd. Aborsie is moord. Oop grense maak geen sin nie. Stede as toevlugsoorde is onverantwoordelik.

Daar is 'n tekort aan beleefdheid aan albei kante van die politieke kloof en daar is meer as genoeg beskuldigings om rond te slinger. Wanneer politici hulle volgelingen aanmoedig om hulle teenstanders in restaurante, by vulstasies en

Vervolg op bladsy 27

Inhoudsopgawe

Voorblad

Persoonlik – Ons grootste hoop

Gerald E. Weston se persoonlike rubriek

Hoofartikel

Het die wetenskap die Skepper ontdek? 3

Skygbaar openbaar wetenskaplikes toenemend bewyse daarvan dat ons heelal nie 'n natuurfrats is nie maar eerder ontwerp is. Waarom word hierdie gevolgtrekking nie aanvaar nie?

Islam se laaste djihad 8

Waarom word hierdie boodskap weggelaat? 10

Baie mense maak daarop aanspraak dat hulle dieselfde boodskap preek as wat Jesus Christus gepreek het. Waarom ignoreer hulle dan die werklike hoofsaak van Sy boodskap – wanneer die wêreld dit meer as ooit nodig het?

Die einde van Roe v. Wade? Sal aborsie verban word? 15

Die kragtige voorreg van gebed 16

Baie mense in die wêreld fokus hulle aandag op sake wat betrekking het op voorregte en mag en tóg besit elkeen van ons die grootste voorreg van alles – om deur gebed toegang tot die troon van God te kry.

Dit is Londen wat roep "#Me too" is niks nuuts nie 21

Gereeld

Vrae en Antwoorde 23

Die werke van Sy Hande 24

Besoek ons webwerf by:

www.wvm.co.za

of vir Engelse literatuur:

www.tomorrowworld.org

Wêreld van Môre

Hoofredakteur

Gerald E. Weston

Redaksionele Direkteur

Richard F. Ames

Kuns Redakteur

John Robinson

Besturende Redakteur

Wallace Smith

Streksredakteurs

Robert Tyler (Australasië)

Stuart Wachowicz (Kanada)

Adam West (Europa)

Besigheidsbestuurder

Dexter B. Wakefield

Streekkantore

VERENIGDE STATE:

P.O. Box 3810

Charlotte, NC 28227-8010

Tel: (704) 844-1970

Faks: (704) 841-2244

www.tomorrowworld.org

AUSTRALASIË:

PO Box 300

Claredon, SA 5157

Tel: (61) 8 8383 6288

Faks: (61) 8 8127 9667

KANADA:

P.O. Box 409

Mississauga, ON L5M 0P6

Tel: (905) 814-1094

Faks: (905) 814-7659

NIEU-SEELAND:

P.O. Box 2767

Auckland 1140, New Zealand

Tel/Faks: (09) 268 8985

VERENIGDE KONINKRYK:

BM PO Box 2345

London, WC1N 3XX

Tel/Faks: 44 (0) 844-800-9322

SUID-AFRIKA:

Privaatsak X 3016

Harrismith, FS 9880

Tel: 058 622 1424

Faks: 058 623 1303

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die gratis verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God

Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die *Ou Vertaling* (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).

Het die wetenskap die Skepper ontdek?

Deur Dexter Wakefield

Die wetenskaplike wêreld het 'n skok gekry om en by die draai van die nuwe millennium, aangesien ontwikkelings in fisika en kosmologie begin bewys het dat ons heelal nie per toeval kon ontstaan het nie. Dit het geblyk dat die basiese konstantes van fisika ontwerp en op mekaar “ingestel” is. Hierdie bevindings was nie maar net 'n blote vermoede nie, maar was eerder op wetenskaplike feite gegrond. Die vraag wat gevra moes word: Is dit moontlik dat ons heelal nie verstaan kan word sonder om te erken dat dit *ontwerp* is nie? Hierdie vraag het baie wetenskaplikes verwar omdat dit hulle heel basiese aannames uitgedaag het – nie net wat betref die heelal nie, maar ook wat hulleself betref.

Net ses nommers

Wat die wetenskaplike gemeenskap geskud het, kan opgesom word deur te fokus op 'n stel van ses baie belangrike nommers, waarvan sommige baie groot en ander weer baie klein is. Ons heelal word deur hierdie ses nommers beheer – konstantes wat op die oomblik van die “Oerknal” [*Big Bang*] vasgestel is. Indien enige van hulle net effens verskil het, sou sterre, planete, die elemente self en alle lewensvorme nie kon bestaan nie. Indien hierdie

konstantes enigsins anders was, sou ons heelal eenvoudig nie in sy huidige vorm kon bestaan nie. Dit verskyn nie as eenhede van lengte, massa, tyd of temperatuur nie, maar as eenvoudige, onmeetbare nommers wat uit die meet van sulke dinge voortspuit. Weereens, om te beklemtoon, *as 'n wetenskaplike feit sou die heelal soos ons dit ken, nie kon bestaan as hierdie konstantes sou wissel of verander met meer as die heel kleinste hoeveelheid nommers nie!*

Die situasie is 'n bietjie soos die ou storie van “Gouelokkies”. Nadat sy die huis van die drie bere binnegegaan het en een van die drie bakkies pap geproe het, sê Gouelokkies, “Hierdie pap is te warm!” Daarna proe sy aan die pap uit die tweede bakkie. “Hierdie pap is te koud”. Sy proe dan aan die laaste bakkie pap. “Hierdie pap is *net reg*”, sê sy gelukkig en eet dit alles op. Ons heelal moes 'n Gouelokkies heelal gewees het – “*net reg*” – om enigsins iets soos die heelal te wees waarin ons bestaan.

Hierdie feit word baie goed deur sir Martin Rees verduidelik in sy prysenswaardige boek, *Just Six Numbers: The Deep Forces That Shape the Universe*. Rees was 'n *Royal Society Research*-professor, is

emeritus [afgetrede] professor in Kosmologie en Astrofisika aan die Universiteit van Cambridge en het die titel van *Astronomer Royal*. Hy is ook lid van die *Royal Society*, die Verenigde State se Nasionale Akademie vir Wetenskappe en die Russiese Akademie vir Wetenskappe. Hy is goed gekwalifiseer om kommentaar te lewer op die konstantes wat die fisika van die heelal beheer.

Dr. Rees verduidelik hierdie belangrike ses konstantes en hoe hulle werk. “Aan die begin van die een-en-twintigste eeu het ons ses nommers geïdentifiseer wat veral betekenisvol lyk. Twee van hulle het betrekking op die basiese kragte; twee bepaal die grootte en algehele 'tekstuur' van ons heelal en of dit vir ewig sal voortduur; en nog twee bepaal die eienskappe van die ruimte self” (Rees, *Just Six Numbers*, bl. 2). Sedert *Just Six Numbers* in 1999 gepubliseer is, is 'n aantal soortgelyke konstantes geïdentifiseer. (Lees “*n Heelal spesiaal vir u ontwerp*” in die September-Oktober 2019-uitgawe vir meer inligting.)

Die volgende is een van die ses konstantes wat kortliks deur professor Rees beskryf word:

Epsilon [ϵ], is **0.007**
en definieer hoe stewig

atoomkerns saambind en hoe al die atome op aarde gemaak is. Die waarde van *epsilon* beheer die krag wat van die Son af kom en, meer sensitief, hoe sterre waterstof omskakel in al die atome van die periodieke-tabel. Koolstof en suurstof is algemeen en goud en uraan is skaars, as gevolg van wat in die sterre gebeur. **As epsilon 0,006 of 0,008 was, sou ons nie kon bestaan het nie** (Rees, bl. 2, klem bygevoeg).

Gesamentlik word hierdie ses nommers beskryf as 'n soort "resep" vir ons heelal. Soos professor Rees beklemtoon het, indien enige van hulle net effentjies gewissel het of as hulle nie "fyn op mekaar ingestel" was nie, kon die heelal en lewe soos ons dit ken, nie bestaan het nie. Die kans dat hierdie konstantes almal hulle spesifieke waardes as gevolg van blote toevalligheid kon hê, is uiters klein – amper nul. Daarom moet die bestaan van 'n kosmiese ontwerper oorweeg word. Baie wetenskaplikes verkies egter om 'n ander verduideliking na te streef.

'n Veelal

Indien die wiskundige waarskynlikheid dat ons lewensvatbare, lewensondersteunende heelal toevallig kon ontwikkel byna oneindig klein is, hoe kan enigiemand sy bestaan sonder 'n ontwerper verduidelik? Die

enigste manier om dit te doen is om aan te neem dat 'n *oneindige aantal heelalle* gevorm het en dat ons s'n – deur blote toeval – net die een is wat werk! Indien ons heelal nie bestaan het soos dit tans is nie – redeneer hierdie wetenskaplikes – sou ons nie hier gewees het om dit te weet nie. Dit is nie 'n baie bevredigende antwoord nie.

Hierdie veronderstelling steun "*die veelal*" (in teenstelling met "*die heelal*"). Dit is spekulatief en heeltemal net 'n veronderstelling, maar kry nogal baie aandag van wetenskaplikes wat verstaan dat sonder die moontlikheid van 'n soort veelal (en baie verskillende konsepte van 'n veelal is al voorgestel), die enigste logiese gevolgtrekking kan wees dat *ons heelal ontwerp is*. Die implikasies hiervan sal enorm wees. *Sommige wetenskaplikes redeneer dat die wetenskap inderdaad dan die bestaan van God sou bewys!*

Weereens verduidelik professor Rees sy siening:

Hierdie ses nommers vorm 'n "resep" vir 'n heelal. Daarbenewens is die resultaat sensitief vir hulle waardes: Indien enigeen van hulle "nie ingestel" sou wees nie, sou daar geen sterre en geen lewe wees nie. Is hierdie instelling net 'n redelose feit, 'n toevalligheid? Is dit dalk die voorsiening van 'n goedgehartige Skepper? Ek is van mening dat dit nie een

van die twee is nie. 'n Oneindigheid van ander heelalle **mag** wel bestaan waar die nommers verskil. Die meeste sou doodgebore of nie lewensvatbaar wees nie. Ons kon net ontstaan het (daarom bevind ons ons natuurlik nou hier) in 'n heelal met die "regte" kombinasie (Rees, bl. 4, klem bygevoeg).

Professor Rees gee voorkeur aan hierdie "veelal" siening, maar erken dat "dit eenvoudig niks meer as 'n voorlopige veronderstelling is nie" (Rees bl. 150, klem bygevoeg). Hy het nie sy siening oor hierdie aanleentede verander nie. In sy 2018 boek, *On the Future*, skryf hy oor die veelal-teorie: "Dit is **hoogs spekulatief** ... maar dit is opwindende wetenskap en dit **mag** dalk waar wees" (bl. 188, klem bygevoeg).

Hoogs spekulatief? Mag dalk waar wees?

Met ander woorde, hy hoop dat die mens eendag sal bewys dat ons gemaklik in 'n "Gouelokkies-heelal" leef – een wat "net reg" is – omring deur 'n *oneindige aantal* ander heelalle wat (om dit so te stel) "te warm" óf "te koud" is.

Dr. Rees verduidelik dat een van die reaksies van mense wat met hierdie feite gekonfronteer word, is dat "ons nie sou kon bestaan as hierdie nommers nie op die toepaslike 'spesiale' manier gerangskik was nie: Dit is duidelik dat ons hier is, dus is

daar niks om oor verbaas te wees nie. Baie wetenskaplikes gebruik hierdie argument, maar dit bly vir my onbevredigend". (*Just Six Numbers*, bl. 148). Hy is nie al een vir wie dit onbevredigend is nie!

George F.R. Ellis is 'n Templeton-pryswennende kosmoloog, wiskundige en uitmuntende emeritus professor van komplekse stelsels aan Kaapstad se Universiteit. Hy was ook mede-outeur van *The Large Scale Structure of Space-Time* saam met 'n ander bekende kosmoloog, wyle Stephen Hawking. Wat betref die moontlikheid van 'n veelal, het Ellis opgemerk

... dat geen moontlike sterrekundige waarnemings ooit daardie ander heelal sal kan sien nie. Die argumente is op sy *beste indirek*. Selfs indien die veelal sou bestaan, bly die diep geheimenisse van die natuur onverklaarbaar ... *Ek is skepties oor hierdie aanname. Ek glo nie dat die bestaan van daardie ander heelal bewys is of ooit bewys sal kan word nie. Parallele heelal mag óf mag nie bestaan nie; die saak is nie bewys nie. Ons sal met daardie onsekerheid moet saamleef. Niks is verkeerd met wetenskaplik gefundeerde filosofiese spekulاسie nie en dit is wat veelal-voorstelle is.*

Ons behoort dit egter te noem vir wat dit is (*Does the Multiverse Really Exist?* *Scientific American*, Augustus 2011, klem bygevoeg).

Navorsers het nie naastenby 'n antwoord op die veelal vraag nie. In sy nuutste boek sê dr. Rees ook: "Ons mag dalk **teen die einde van hierdie eeu** in staat wees om te vra of ons in 'n veelal woon of nie en hoe groot die verskeidenheid is wat die samestelling van 'heelal' vertoon" (*On the Future*, bl. 186, klem bygevoeg). Is dit egter vir die wêreld nodig om te wag tot "die einde van hierdie eeu" om te erken dat daar 'n baie groot waarskynlikheid is dat ons heelal 'n ontwerper het?

Die Kanadese filosoof, John Leslie, het geskryf dat indien hy voor 'n 50-man vuurpeleton staan, hy nie later daar sou wees om te bespiegel oor die feit dat elke lid hom gemis het nie, *tensy hulle hom almal gemis het!* Indien hulle hom almal gemis het en hy die ervaring oorleef het, sou hy natuurlik tot die gevolgtrekking kom dat daar 'n rede was *waarom* hulle hom gemis het en hy sou dalk die rede daarvoor wou weet. Wanneer ons na ons "fyn ingestelde" heelal kyk, sal 'n rasonale persoon die moontlikheid oorweeg dat dit geskep is. In die lig van die feit dat die alternatief vir 'n ontwerpte heelal – in die woorde van bekende kosmoloog – "wetenskaplik gefundeerde filosofiese spekulاسie", 'n "tentatiewe hipotese" en "nie

bewys" is nie, blyk dit irrasioneel te wees om al voor die tyd die idee te verwerp dat ons heelal ontwerp is, soos so baie mense doen. Ironies genoeg, wanneer feite aan hulle voorgedhou word wat teenstrydig met hulle persoonlike oortuigings is, kan mense wat hulleself beskou as mense met gesonde verstand, baie irrasioneel wees.

Die olifant in die kamer

.Moderne kosmologie verstaan gewoonlik dat die keuse tussen (1) 'n ontwerpte heelal en (2) 'n veelal van een of ander aard is. Selfs baie wetenskaplikes wat godsdienstige geloof verwerp, erken onwillig dat, tensy definitiewe bewyse van 'n oneindige aantal heelal gevind word, ons heelal *moontlik* 'n ontwerper kon gehad hê.

Professor Ellis vervolg: "Voorstanders van die veelal opper een laaste argument: dat daar *nie goeie alternatiewe is nie* ... indien ons die veelal-teorie prysgee, het ons 'n lewensvatbare alternatief nodig. Hierdie soektog na alternatiewe hang af van watter soort verduideliking ons bereid is om te aanvaar" (*Does the Multiverse Really Exist?* Klem bygevoeg) Baie wetenskaplikes is baie teësinnig om die alternatief te oorweeg dat daar 'n ontwerper van ons heelal was, omdat hulle slegs verduidelikings aanvaar wat heeltemal op die materiële wêreld gebaseer is – verduidelikings wat hulle voel gemeet en getoets kan word. Indien hulle tot die slotsom sou

kom dat ons heelal ontwerp is, behoort hulle te vra: “Wie het dit ontwerp?” Die meeste van hulle sou liever nie vra nie.

Is diegene wat in 'n Skepper glo, irrasioneel?

Mense sê dikwels dat hulle net iets sal glo tot die mate dat hulle bewyse daarvan kan sien. Moontlik het u dit self al gesê. Die stelling is afkomstig uit 'n filosofie wat “bewysleer” (evidentialism) genoem word en wat die oorheersende siening van moderne wetenskap en die algemene onderwysstelsel is. Filosofies gesproke dateer bewysleer (evidentialism) uit die 1700's en daar is 'n aantal vrae oor presies wat so 'n filosofiese benadering werklik beteken en hoe dit toegepas word. Laat ons egter vir nou hierdie beginsel op die kwessie rakende die heelal/veelal toepas.

Soos vroeër aangedui, is die kans dat ons heelal deur toeval kon ontstaan het, so te sê nul. Die bewyse van 'n kosmiese ontwerp asook van 'n ontwerper, is diepgaande.

Is daar egter werklike proef-ondervindelike bewyse van 'n veelal? Bewyse wat waargeneem kan word? *Daar is niks nie*, alhoewel sterrekundiges, fisici en kosmoloë al baie jare lank ywerig daarna soek. Trouens, voorstanders van 'n veelal het nie eens 'n soliede, operasionele teorie daarvoor nie; hulle erken dat die veelal net 'n veronderstelling bly – 'n idee wat nie bewys is nie. Tog glo hoogs-opgeleide mense steeds

vas dat 'n veelal bestaan, terwyl hulle die idee van 'n ontwerpte heelal verwerp – ondanks die oorweldigende bewyse vir laasgenoemde.

Wie is dus hier irrasioneel? Die bewyse is grootliks ten gunste van 'n ontwerper.

Indien mens iets kan glo tot die mate dat daar bewyse voor is, **het die wetenskap sulke getuienis vir die bestaan van God verskaf** of ten minste, vir 'n *ontwerper van die heelal?*

Rasioneel sal mens moet erken dat sonder 'n stewige, wetenskaplike bewys van 'n veelal, 'n ontwerpte heelal hoogs waarskynlik 'n *wetenskaplike* moontlikheid is – en inderdaad die primêre alternatief is. Hierdie alternatief het “die olifant in die kamer” geword wat min mense in die wêreld van wetenskap graag wil raaksien. *Die meeste van hulle tree op asof dit nie daar is nie.*

Laat ons saam redeneer

Kom ons wees rasioneel en oorweeg die moontlikheid dat daar 'n universele ontwerper is. Sou 'n ontwerper sonder 'n rede ontwerp? Sou 'n ontwerper bedoel het dat ons buitengewone blou juweel van lewe – die Aarde – losstaande moes wees van 'n groter ontwerp? Sou hierdie ontwerper opgehou het by “net ses nommers *Just six numbers*” of is dit moontlik dat komplekse proteïene en DNS ook ontwerp kon wees? Sou 'n ontwerper nie kommunikeer met diegene wat vrae oor die ontwerp sou vra nie?

God openbaar inligting wat ons nie net kan weet deur die fisiese wêreld te ontleed nie. By die *Wêreld van Môre* verstaan ons *dat ons ingelig kan word deur te glo* in wat God sê. Die apostel Johannes skryf: “In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. Hy was in die begin by God. Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie” (Johannes 1:1-3). Die Bybel openbaar *Wie* daardie ses nommers vasgestel het.

Die apostel Paulus het reguit met die kritici gepraat toe hy geskryf het “omdat wat van God geken kan word, in hulle openbaar is, want God het dit aan hulle geopenbaar. Want sy onsigbare dinge kan van die skepping van die wêreld af in sy werke verstaan en duidelik gesien word, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, sodat hulle geen verontskuldiging het nie; omdat hulle, alhoewel hulle God geken het, Hom nie as God verheerlik of gedank het nie; maar hulle het dwaas geword in hul oorlegginge en hul onverstandige hart is verduister. Terwyl hulle voorgee dat hulle wys is, het hulle dwaas geword” (Romeine 1:19-22). Paulus verduidelik verder: “... want in Hom lewe ons, beweeg ons en is ons” (Handelinge 17:28). Daardie ses konstantes is ontwerp en deur Hom ingestel en selfs in die onwaarskynlike geval dat daar bewyse van 'n veelal gevind word, *sou dit nie bewys dat God*

dit nie geskep het nie.

Wat het die Ontwerper gesê?

Diegene wat skep, doen dit vir 'n rede. Waarheen werk die Skepper van die heelal? Sy Woord antwoord: Die God van Abraham, Isak en Jakob sê aan ons dat Hy die skepping asook die “fyn instelling” daarvan gedoen het en Hy *openbaar* Sy groot doel vir die skepping en vir die menslike bestaan. Geen kosmoloë, filosowe, teoloë of fisici kan *aflei* wat God doen nie. God se doelstelling moet geopenbaar word.

Deur die profeet Jesaja plaas God dinge in perspektief. “Want my gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle weë is nie my weë nie, spreek die HERE. *Want soos die hemel hoër is as die aarde, so is my weë hoër as julle weë en my gedagtes as julle gedagtes*” (Jesaja 55: 8-9). Hy het *oneindige* kennis en wysheid en het vir ewig geleef.

God rig 'n uitdaging aan diegene wat dink dat hulle meer as Hy weet: “Dink hieraan en wees beslis; neem dit ter harte, o afvalliges! Dink aan die dinge wat tevore was, van ouds af, dat Ek God is, en daar is geen ander nie; *Ek is* God, en daar is niemand soos Ek nie; wat van die begin af verkondig die einde, en van die voortyd af wat nog nie gebeur het nie; wat sê: My raad sal bestaan, en al wat my behaag, sal Ek doen” (Jesaja 46:8-10).

Wat is die rede?

God openbaar dat Hy 'n plan gehad het vanaf die heel begin van die heelal. Die apostel Paulus verduidelik: “Maar al hierdie dinge het hulle oorgekom as voorbeelde en is opgeskrywe as 'n waarskuwing aan ons op wie die eindes [Grieks *telos* – finale resultaat] van die eeue gekom het” (1 Korinthiërs 10:11). Die finale stadium van God se plan behels in besonder 'n volk wat Hy gedurende hierdie tydperk uitsonder.

Hierdie groot plan is nie iets wat mense wetenskaplik kan waarneem of self kan uitredeneer nie. *Hierdie plan is openbarend*. Die apostel Matthéüs berig: “Al hierdie dinge het Jesus deur gelykenisse vir die skare gesê, en sonder gelykenis het Hy vir hulle niks gesê nie; sodat vervul sou word die woord wat gespreek is deur die profeet: Ek sal my mond open deur gelykenisse; Ek sal uitspreek dinge wat verborge was van die grondlegging van die wêreld af” (Matthéüs 13:34-35).

Wat is hierdie goed bewaarde geheim? Dat God besig is om kinders te skep! Seuns en dogters van God! “Want ek reken dat die lyding van die teenwoordige tyd nie opweeg teen die heerlijkheid wat aan ons geopenbaar sal word nie. Want die skepping wag met reikhalssende verlange op die openbaarmaking van die kinders van God. Want die skepping is aan

die nietigheid onderworpe – nie gewillig nie, maar ter wille van Hom wat dit onderwerp het – in die hoop dat ook die skepping self vrygemaak sal word van die slawerny van die verganklikheid tot die vryheid van die heerlijkheid van die kinders van God. Want ons weet dat die hele skepping tesame sug en tesame in barensnood is tot nou toe” (Romeine 8:18-22). Hierdie groot gebeurtenis – die geboorte van die kinders van God – sal plaasvind wanneer Jesus Christus weer kom om Sy Koninkryk op aarde te vestig.

Hierdie onsterflike kinders sal 'n Koninkryk ontvang wat die hele wêreld sal insluit en die seëninge van God se waarheid aan die hele mensdom sal bring. “Dan sal die Koning vir die wat aan sy regterhand is, sê: Kom, julle geseëndes van my Vader, beërf die koninkryk wat vir julle berei is van die grondlegging van die wêreld af” (Matthéüs 25:34).

Aan die einde van sy boek van 1999, vra professor Martin Rees die groot vraag wat die meeste wetenskaplikes eerder wil vermy. “Is daar 'n oneindigheid van ander heelalle wat 'sleg ingestel' en dus nie lewensvatbaar is nie? Is ons ganse heelal 'n 'oase' in 'n veelal? *of behoort ons ander redes te soek vir die toevallige waardes van ons ses nommers?*” (*Just Six Numbers*, bl. 161, klem bygevoeg). **WVW**

Keerpunte in wêreldgeskiedenis

Islam se laaste djihad

Deur Douglas Winnail

Ons het die wêreldwye herlewing van militante Islam aanskou gedurende die onlangse dekades. Hierdie moderne uitbarsting is verbasend vir geleerdes, veral diegene wat glo dat namate samelewings moderniseer en sekulêr word, godsdiens geleidelik sal verdwyn. Islam is egter nou die vinnigste groeiende godsdiens ter wêreld en binne daardie geloof word 'n Islamitiese herlewing deur ywerige gelowiges voortgedryf wat vasbeslote is om die verloop van die geskiedenis *om te keer*. Hulle doelwit is om terug te keer na die “ware geloof” om vorige gebiede te herower en Mohammed se belofte te vervul dat Islam uiteindelik sal oorheers en alle ander godsdienste sal uitskakel. Hulle glo dit sal gebeur wanneer die Sharia-wet op die wêreld afgedwing word en Amerika, Brittanje, Europa en Israel is in hulle visier!

Sal die verloop van die geskiedenis egter werklik *weer* ten gunste van Islam *draai*? Antieke Bybelprofesieë openbaar 'n verbasende antwoord.

Onbespreekte aspekte van Islam

Moderne politici, akademici en teoloë probeer om Islam as 'n godsdiens van vrede uit te beeld en dit word deur baie Moslems

as sulks beskou. Hulle beweer dat *djihad* bloot 'n interne geestelike stryd is en dat vriendskaplike vreedsame naasbestaan moontlik is wanneer mense van verskillende gelowe mekaar verstaan. Die feite van die geskiedenis en die fundamentele leerstellings van Islam vertel egter 'n heel ander storie. Radikale Islamiete wil terugkeer na daardie oorspronklike, fundamentele leerstellings.

Die godsdiens van Islam was vanaf die ontstaan daarvan in Arabië in die 600's n.C. 'n *onverbiddelike vyand* van diegene wat “ongelowiges” genoem word – met inbegrip van Christene, Jode en die Westerse beskawing. Soos in die Koran gesê word, beveel die leerstellings van Mohammed ware volgelingen van Islam “om diegene onder die mense van die Boek [Jode en Christene] wat nie in Allah glo nie ... en ook nie die ware geloof [Islam] aanneem nie, te beveg totdat hulle die *jizya* betaal [’n afpersingsbelasting op ongelowiges] deur gewillige onderwerping en om hulleself as onderdanig te beskou” (Koran 9:5, 20; lees ook *Sword and Scimitar* deur Raymond Ibrahim, bl. 11). Die ontnugterende alternatiewe: Skakel oor na Islam, wees slawe of sterf!

Die konsep van *djihad* of

“heilige oorlog” teen *infidels* – ongelowiges – is deur Mohammed as 'n godsdienstige plig gepropageer. Hy het sy volgelingen ruimskootse belonings (oorlogsbuit) in hierdie lewe beloof indien hulle sou *oorleef*, maar as hulle *omgekrom* het in die geveg, was die beloning onmiddellike toegang tot die Paradys, met riviere van wyn en pragtige jong meisies – 'n opwindende wen-wen-situasie vir djihadiste. Namate hierdie vurig begeesterde krygers uit Arabië gestroom het, het hulle Jerusalem, die Midde-Ooste en Noord-Afrika vinnig oorwin en beide Oostelike sowel as Westelike Europa bedreig. Hulle het 'n spoor van dood en verwoesting agtergelaat namate hulle “*infidels*” [ongelowiges] doodgesteek, onthoof en doodgemartel het en talle Afrikane en Europeërs tot slawe gemaak het. Mans en seuns is gekastreer en verkoop, terwyl vroue en meisies na Moslemharems gestuur is. Hierdie deel van die vergete geskiedenis van Islam het vir 1,400 jaar voortgeduur. Moderne radikale Islamiete het nie juis Islam “gekaap”, soos sommige mense beweer nie. Hulle laat bloot tradisionele Islam herleef (Ibrahim, bll. xiv-xv).

Die botsing tussen Islam en die Christendom word ook ge-

kenmerk deur duidelike teenstrydige godsdienstige oortuigings en die Weste se teensin om Allah te aanbid of om Mohammed as sy boodskapper te aanvaar. Islam erken talle Bybelse persoonlikhede, met inbegrip van Jesus. Moslems glo egter dat Jode en Christene die Heilige Skrif verdraai het en dat Allah se finale openbarings aan Mohammed die probleme reggestel het. Hulle glo dus dat die Ou en Nuwe Testamente onbetroubaar is. Islam leer dat Jesus slegs een van baie profete was, nie die Seun van God nie, dat Hy nie deur kruisiging gesterf het nie en dus nie opgestaan het nie, maar in plaas daarvan opgevaar het na die hemel en dat Hy sal terugkeer in die laaste dae om die Mahdi te help om die wêreld tot Islam te bekeer. Die Koran verskil in baie opsigte grootliks van die Bybel, soos om toe te laat dat hulle vrouens geslaan word (Koran 4:34) en amputasie aan te beveel as straf vir diewe (5:38). Die Bybel leer Christene: "Julle moet jul vyande liefhê" (Lukas 6:27), maar die Koran sê: "... ongelowiges is vir jul vyande" en "... vermoor hulle waar jy hulle ook al vang" (4:101 en 2:191-193; lees ook: *Differences: The Bible and the Koran*, deur Ben J. Smith). Westerse wette wat strydig is met instruksies in die Koran gee aanstoot aan sommige Moslems en die seksuele losbandigheid en sedelike verval van die toenemend goddelose Weste word deur sommige van hulle as 'n

belediging vir Allah beskou en moet uit die weg geruim word.

Die laaste djihad

Vandag se brandende vraagstuk is: Waarheen lei hierdie herlewing van Islamitiese woede en aggressie? Die geskiedenis boekstaaf dat die Moslemse soeke na wêreldoorheersing deur heilige oorloë (of djihade), gekenmerk word deur periodes van verowering en nederlaag (sien *Destiny Disrupted* deur Tamin Ansary). 'n Lang tydperk van aanslae wat onder Mohammed self begin is, is uiteindelik gefnuik deur oorwinnings tydens die Slag van Tours en by die beleg van Wene. Die Ottomaanse Turke en Krim-Tartare het die verowering van "Christelike" Konstantinopel gesien, maar die poging het geëindig met die nederlaag van die Ottomaanse Ryk tydens die Eerste Wêreldoorlog.

Die huidige herlewing van Islam word deur sommige mense beskou as deel van 'n "Derde djihad" – een wat gekenmerk word deur bomontploffings en gewapende aanvalle in Europa, Amerika en elders. Hierdie jongste herlewing is egter nie beperk tot geweld en terreur nie. Daar is ook 'n *demografiese* aspek verbonde aan hierdie djihad, wat hoër geboortesyfers onder Moslems insluit en hulle massiewe migrasie na Europa en Noord-Amerika. Dit het 'n *kulturele djihad* geword, aangesien sommige Moslems howe vir Sharia-wet en wetswysigings

eis om Moslemgewoontes en -gebruike te akkommodeer – intussen word plaaslike tradisies beperk om Moslems nie te na te kom nie. In dele van Swede word Islamitiese oproepe om gebed toegelaat, maar kerkklokke mag nie lui nie. As deel van hierdie kulturele djihad, oefen Moslemgroepe druk uit op skole om Islam in 'n goeie lig te stel en het spesiale dae wanneer studente Moslemdrag dra, Moslemname aanneem en Moslemgebede opsê, terwyl die geskiedenis en gebruike van gasheerlande verminder of geïgnoreer word. Verskeie waarnemers beskou dit as deel van 'n georganiseerde strategie om die geleidelike Islamisering en verowering van die Weste te bewerkstellig (sien *The Third Jihad: Radical Islam's Vision for America* deur Wayne Kopping en Erik Werth). Indien dit nie 'n georganiseerde strategie is nie, is dit beslis 'n ontwikkelende tendens. Natuurlik het ISIS en sy werkers openlik beloof om Israel uit te wis en om Europa, Londen, Rome en Washington, D.C. te verower.

Die Arabiese wêreld, Europa en profesie

Sal Islam uiteindelik die Westerse beskawing oorheers of sal die geskiedenis *weer in 'n ander rigting draai*? Die profeet Daniël skryf: "Maar in die tyd van die einde sal die koning van die Suide met hom (die koning van die Noorde) in botsing kom" (Daniël 11:40). Daniël se profesie verklaar egter ook dat

Waarom word hierdie boodskap weggelaat?

Deur Gerald E. Weston

Oral smag mense na vrede. Hulle wil uiters graag 'n einde aan armoede, geweld en siektes sien. Hulle wil liefhê en lief gehê word, gesinne groot maak en in vrede gelaat word deur diktatoriale en selfsugtige heersers. Hierdie vrede ontwyk ons egter. Armoede, geweld en siekte floreer en regerings wat mense behoort te help, onderdruk hulle dikwels.

Gedagtig aan hierdie onvervulde verlange in die mensehart, het 'n antieke profeet een maal verwys na: *“the desire of all nations”* (NKJ Haggai 2:7). Daar word verwys na die begeerte van alle nasies. Presies waarna het hy verwys en hoe sal hierdie begeerte vervul word? Is dit moontlik dat hierdie verlange van die mensdom 'n werklikheid kan word?

Haggai het na die Messias verwys, die Een op wie die Jode vir 'n groot deel van hulle bestaan as 'n volk gehoop het. Hierdie hoop is egter nie net vir een volk nie. Dit is waarlik oral die hoop van alle manne en vroue. Ons hoop dat iemand 'n einde aan die euwels sal maak wat ons in die lewe ervaar en 'n vrede wat baie beter sal wees as net die afwesigheid van oorlog.

Die Messias oor wie Haggai geprofeteer het, was Jesus van Nasaret, maar Sy eerste koms was slegs 'n gedeeltelike ver-

vulling van die profesie. Haggai het gepraat van 'n onstuimige tyd wanneer God in die wêreld sou ingryp op 'n manier wat niemand sal kan miskyk nie: “Want so sê die HERE van die leëskare: 'n Rukkie nog, 'n kort tydjie, dan sal Ek die hemel en die aarde en die see en die droë grond laat bewe. Ek sal ook al die nasies laat bewe, sodat die skatte van al die nasies sal toevloei” (Haggai 2:6-7). Hy het met die volk van Juda gepraat ná hulle terugkeer uit Babiloniese ballingskap en hulle aangemoedig om die tweede tempel in Jerusalem te bou. Dit was tydens 'n onstuimige tyd en die profesie het aangedui dat die begeerte *“the desire”* waarvan gepraat is sou kom. Hy sou na daardie tempel kom en blywende vrede bewerkstellig.

Jesus het na daardie tempel gekom, maar eers verskeie eeue later. God se tydsberekening is nie dieselfde as die mens se tydsberekening nie! Selfs toe was die profesie nie volledig vervul gedurende die eerste eeu n.C. nie. Die tyd wanneer Hy “die hemel en die aarde en die see en die droë grond laat bewe” en wanneer Hy alle nasies sal skud, lê nog voor.

Mens behoort te wonder: Sal hierdie profesie ooit vervul word of is dit net 'n lugkasteel waarmee ons onself mislei?

Om te verstaan, moet ons die geheelbeeld begryp van wat God hier benede doen.

In die begin

Indien ons na die begin teruggaan, sien ons dat God lewe op hierdie klein bolletjie geskep het, wat Hy in 'n heelal geplaas het wat so groot is dat ons dit nie werklik ten volle kan begryp nie. Ons is soos die kleinste miertjies wat op die aarde rondkruip. Nietemin laat die mens se verstand ons toe om wonderlike dinge te doen. Alhoewel 'n paar mense weier om te glo dat die mens op die maan geloop het, het selfs die Sowjetunie tydens die Koue Oorlog dit nooit betwis dat twaalf Amerikaners dit gedoen het nie. China se leiers bestee tyd en geld daaraan om dieselfde te bereik. Hulle glo beslis die Amerikaanse vlag is daar! Ja, die mensdom is in staat om verbasende dinge te doen en u kan u persoonlike lys maak van ongelooflike menslike prestasies.

Hier is ons in vergelyking, die kleinste mikrobies op die kleinste vlekke in wat soos 'n oneindige heelal lyk. Afgesien van ons ongegronde hoop en spekulاسie, dui alle bewyse daarop dat ons alleen in die kosmos is. Geen geloofwaardige bewyse van buiteardse lewe is al ooit gevind nie.

Waaroor gaan dit dus nou eintlik? Waarom is ons hier? Hoe kon lewe uit die nie-lewende ontstaan het? Dit is nie 'n maklike vraag vir wetenskaplikes om te beantwoord nie! Trouens, hulle *kan* dit *nie* beantwoord nie! Hoe kon sulke intelligensie as waaroor die mens beskik, ontwikkel het van koerslose wette? Hoe kon sulke wette ontstaan het? Waarom sien ons sulke volmaaktheid en skoonheid in die natuurlike wêreld? Behoort ons te glo dat daar geen doel vir al hierdie dinge is nie?

Om terug te keer na die vraag of dit wat almal begeer, ooit sal gebeur en indien wel, hoe – dit is nodig dat ons na 'n beginpunt teruggaan. Daar is groot dele uit die prentjie weggelaat en baie afdraai-paadjes waarvoor ons nie tyd het in hierdie artikel nie, maar laat ons met die eerste man en vrou begin. Daar moet tog 'n eerste wees.

Evolusioniste beweer dat die mens uit 'n soort soogdier ontwikkel het, maar 'n mens moet wonder hoe evolusionêre prosesse in manlik en vroulik ontwikkel het ongeag waar dit begin het. Voortplanting van twee selle, in teenstelling met voortplanting deur 'n enkele selverdeling, is nogal merkwaardig. Was dit die gevolg van 'n onbekende, fratsongeluk, met 'n man en vrou wat op een of ander manier op dieselfde tydstip ontstaan het? Wat 'n merkwaardige *ongeluk!* Is daar 'n Skepper wat dit tot stand gebring het? Ons by die *Wêreld*

van Môre glo dat die *getuienis* aan die kant van 'n Intelligente Wese is wat ons as God ken. Ons erken verder dat God ons nie aan ons eie lot oorgelaat het sonder 'n openbaring van Sy plan en doel vir ons nie.

Wanneer ons na Sy openbaring kyk, vind ons dat Hy 'n man en vrou gemaak het, hulle in 'n pragtige omgewing geplaas het en hulle 'n keuse gegee het. “Toe het die HERE God die mens geneem en hom in die tuin van Eden gestel om dit te bewerk en te bewaak. En die HERE God het aan die mens bevel gegee en gesê: Van al die bome van die tuin mag jy vry eet, maar van die boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie; want die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe” (Génesis 2:15-17). Die keuse was duidelik. Hy kon God vertrou of hy kon kies om self te bepaal wat reg en wat verkeerd is. Ons weet wat sy keuse was. Hy en die vrou het verkies om dit op hulle eie manier te doen en sedertdien het alle manne en vroue op hierdie weg voortgegaan. Is dit 'n wonder dat probleme ontstaan wanneer die mens dink hy weet meer as die Een wat hom geskape het?

Soos God gesê het met betrekking tot antieke Israel: “Ag, as hulle maar so 'n hart gehad het om My te vrees en al my gebooie altyd te onderhou, dat dit met hulle en hul kinders vir ewig goed kan gaan” (Deuteronómium 5:29). In teenstelling met die algemene geloof, het God aan ons Gebooie, Wette en insettinge vir

ons beswil gegee! Dink net hoe anders die lewe sou wees as elkeen maar net een van Sy Gebooie gehoorsaam het. Sê nou maar niemand het owerspel gepleeg nie? Hoeveel meer stabiel sou ons huwelike nie wees nie. Hoe sou dit wees indien niemand van sy naaste steel nie? Watter gemoedsrus sou ons nie gehad het wanneer ons ons huise verlaat nie. Geen behoefte meer aan sekuriteitsstelsels nie. Dit sou 'n heel ander wêreld gewees het indien net een van die Gebooie gehoorsaam sou word. Die probleem is natuurlik kompleks. *U* mag hierdie Wette gehoorsaam, maar nie almal doen dit nie. Ons leef egter in 'n wêreld waar ons almal verantwoordelikheid dra. Dink net aan hoeveel van die vermaak wat ons “geniet”, oortreding van die Tien Gebooie behels. Wanneer seks en geweld uit vermaak geneem word sal draaiboekskrywers aan “breinvries” ly!

Die mensdom se enigste oplossing

Jesus Christus *is* “die Begeerte van alle nasies”! Dit is bekend dat sommige teoloë sê: “Jesus is die antwoord” en Hy is dit wel. Op watter *manier* is Hy egter die antwoord? Dit is waar baie van hierdie teoloë in die donker rondtas.

Christus, Sy Apostels en Christene van die eerste eeu het verstaan dat Haggai se profesie van “die begeerte” nie ten volle vervul was met Christus se eerste koms nie. Hulle het iets verstaan wat algemeen verlore

gaan in vandag se lofprysing- en aanbiddingsdienste. Edward Gibbon verduidelik: “Die antieke en gewilde leerstelling van die Millennium was nou verbind met die Wederkoms van Christus ... Terwyl die kerk se bouwerk amper voltooi was, is die tydelike steun opsy geskuif. Die leerstelling van Christus se heerskappy op aarde is aanvanklik as 'n opregte versinnebeelding beskou, daarna as 'n twyfelagtige en nuttelose opinie en is uiteindelik verwerp as die absurde uitvinding van kettery en dweepsug”. (*The Decline and Fall of the Roman Empire*, Vol. 1, bl. 262).

Is dit kettery en dweepsug? Waarom het die vroeë Christene in die toekomstige heerskappy van 'n geesgebore Koninkryk van God op aarde geglo? Omdat dit *is* wat Jesus verkondig het! Hy het van die begin van Sy bediening af 'n boodskap oor Sy toekomstige Koninkryk verkondig en gesê: “Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom; bekeer julle en glo die evangelie” (Markus 1:14-15).

Jesus het nie net in een stad gebly, tevrede met 'n gemaklike klein groepie volgelingen nie. Dit was nie waarom Hy hier was nie. Hy het eerder deur Galilea, Judea en tussen ander streke gereis. Baie vroeg in Sy bediening lees ons: “[D]ie skare het Hom gesoek en by Hom gekom en Hom teëgehou, dat Hy nie van hulle sou weggaan nie. Maar Hy het vir hulle gesê: Ek moet aan die ander stede ook die evangelie van die koninkryk van God bring, want daarvoor is Ek gestuur” (Lukas 4:42-43).

Die bergpredikasie is die middelpunt van Christus se boodskap. Hoeveel mense sien nogtans al die verwysings na Sy Koninkryk raak? Gaan hierdie gedeeltes in u Bybel na: Matthéüs 5:3, 10, 19-20; en 6:10. Van spesiale belang is die opdrag: “Maar soek eers die koninkryk van God” en 'n waarskuwing dat “Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is” (Matthéüs 6:33; 7:21).

Baie mense is geskok om te hoor wat die rede is waarom Jesus in gelykenisse gepraat het. Hulle dink Hy het dit gedoen om beter met vissers, boere en herders te kommunikeer, maar dit is glad nie die geval nie. Sy dissipels vra Hom toe: “Waarom spreek U tot hulle deur gelykenisse? Toe antwoord Hy en sê vir hulle: Omdat dit aan julle gegee is om die verborgenhede van die koninkryk van die hemele te ken, maar aan hulle is dit nie gegee nie” (Matthéüs 13:10-11; Markus 4:10-11). Min mense verstaan dit, maar dit was Jesus se standaardpraktyk om dikwels met skares slegs in gelykenisse te praat, terwyl Hy dan later die *betekenis* van die gelykenisse aan Sy dissipels verduidelik het: “Al hierdie dinge het Jesus deur gelykenisse vir die skare gesê, en sonder gelykenis het Hy vir hulle niks gesê nie” (Matthéüs 13:34), “... maar afsonderlik het Hy vir sy dissipels alles uitgelê” (Markus 4:34).

Die boodskap van Jesus se gelykenisse

'n Studie van die Skrif openbaar dat die Koninkryk van God die fokus van Jesus se gelykenisse was. Een gelykenis was oor 'n saaiër wat uitgegaan het om te saai. Party saad het langs die pad geval, party het op klipperige grond geval, party het tussen dorings geval en ander het op goeie grond geval (Markus 4:3-8; kyk verse 13-20 vir die verduideliking). Matthéüs voeg by dat hierdie gelykenis oor die Koninkryk handel (Matthéüs 13:18-19).

Dit is belangrik om op hierdie stadium die verskil tussen die uitdrukkings, *Koninkryk van God* en die *Koninkryk van die hemele*, te verduidelik. Matthéüs gebruik dikwels die term “koninkryk van die hemele”, maar hy het die twee terme afwisselend gebruik, soos in Matthéüs 19:23-24. Wat is dus die verskil?

Die meeste mense aanvaar dat “koninkryk van die hemele” beteken dat ons hemel toe gaan, maar dit is problematies sowel as foutief. Byvoorbeeld, in die bergpredikasie sê Jesus: “Salig is die wat arm van gees is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele” (Matthéüs 5:3). Twee verse later sê Hy: “Salig is die sagmoediges, want hulle sal die aarde beërwe” (vers 5). Behoort ons te verstaan dat terwyl diegene wat “arm van gees” na die hemel toe gaan en die sagmoediges “sal die aarde beërwe”?

Die antwoord is eenvoudig. In hierdie konteks dui die

woordjie 'van' eienaarskap aan. Wanneer ons praat van die Bank van Morgan, verstaan ons dat die bank nie *binne-in* die man met die naam Morgan is nie. Morgan was die eienaar of stigter daarvan. Net so sal die "Koninkryk van die hemel" ten volle besit en bestuur word volgens die Wette en beginsels van God wat in die hemel heers! Aan die ander kant is ons erfenis in werklikheid die *Aarde*.

Baie Skrifgedeeltes toon in baie duidelike terme aan dat die Koninkryk van God op aarde gevestig sal word! Een van die kragtigste daarvan word in Sagaria 14 gevind. Die hoofstuk begin deur ons in te lig: "[D]aar kom 'n dag vir die HERE" (vers 1). Met verwysing na die Messias, sê dit aan ons: "En in dié dag sal sy voete staan op die Olyfberg" (vers 4). Dit word bevestig deur die Nuwe Testamentiese weer-gawe van Jesus wat in 'n wolk van die Olyfberg af opvaar (Handelinge 1:9-12). Sagaria gaan voort deur te verklaar "die HERE sal Koning wees oor die hele aarde" (Sagaria 14:9).

Lees dan Sagaria 14:16-19. Stof u Bybel af en lees dit self! Die Koninkryk van God sal op hierdie aarde heers, nie in die hemel nie! Diegene wat aan Christus behoort met Sy Wederkoms is bestem om saam met Hom te regeer (Openbaring 20:4) en waar sal ons regeer? Ons word meegedeel dat God "het ons konings en priesters vir onse God gemaak, en ons sal as konings op die aarde heers" (Openbaring 5:10). Wanneer die Bybel na die Koninkryk van die

hemele verwys, verwys dit nie na 'n koninkryk *in* die hemel nie, maar net na God se Koninkryk. Dit is 'n ander manier om na die Koninkryk van God te verwys.

Het Sy dissipels "dit gesnap"?

Ons het reeds gesien dat die gelykenis van die saaiër oor die Koninkryk handel. Laat ons nou na 'n paar ander gelykenisse kyk. Markus 4:26 lees: "So is die koninkryk van God, soos wanneer 'n mens die saad in die grond gooi" en vers 30 sê: "[W]aarmee moet ons die koninkryk van God vergelyk?" Matthéüs 13 vertel aan ons dat Jesus die Koninkryk vergelyk het met 'n mosterdsaad, suurdeeg, met 'n vyand wat onkruid saai tussen koring, 'n verborge skat, 'n kosbare pêrel en 'n visnet.

Jesus het Sy volgelinge opdrag gegee om die Evangelie te verkondig, die goeie nuus van die Koninkryk van God (Lukas 9:60-62). Sy dissipels het verstaan dat dit 'n werklike Koninkryk is wat oor hierdie aarde sal regeer. Wat hulle nie verstaan het nie, was *wanneer* die Koninkryk gevestig sou word. Dit is waarom Jesus die gelykenis van die edelman gegee het. Hy het die gelykenis gegee "omdat Hy naby Jerusalem was en hulle gedink het dat die koninkryk van God onmiddellik sou verskyn" (Lukas 19:11). Hy het voortgegaan en verduidelik dat Hy na 'n ver land sou gaan (na die hemel na Sy opstanding) en een of ander tyd in die toekoms na die aarde sou

terugkeer en Sy diensknegte roep om te verduidelik wat hulle gedoen het met wat aan hulle gegee is.

Baie mense het van Josef van Arimathéa gehoor, maar hoeveel van hulle besef dat sy doel voor oë die Koninkryk van God was? U kan dit self lees in Lukas 23:50-51. Jesus het van hierdie Koninkryk ná Sy opstanding gepraat en Sy dissipels het Sy boodskap verstaan. Hulle wou net weet *wanneer* (Handelinge 1:3, 6).

Wat van die apostel Paulus? Wat was sy boodskap? Op een spesiale geleentheid het hy met die oudstes van Éfese gepraat en gesê: "En nou weet ek dat julle almal onder wie ek rondgegaan en die koninkryk van God verkondig het, my aangesig nie meer sal sien nie" (Handelinge 20:25). Dit was dieselfde boodskap wat hy gedurende Sy Romeinse aanhouding aan almal geleer het: "En hulle het vir hom 'n dag bepaal ... En in 'n kragtige getuienis het hy vir hulle die koninkryk van God uitgelê; en van die môre vroeg tot die aand toe het hy uit die wet van Moses en uit die profete hulle probeer oortuig aangaande Jesus. ... terwyl hy die koninkryk van God gepreek en onderrig gegee het aangaande die Here Jesus Christus" (Handelinge 28:23, 31).

Die nuut verordende diaken met die naam Filippus het afgegaan na Samaria en "die evangelie aangaande die koninkryk van God en die Naam van Jesus Christus verkondig"

(Handelinge 8:12). Let daarop dat hy nie net oor die Koninkryk gepreek het nie, maar ook oor die Naam van Jesus Christus. Ons het dit ook in die vorige paragraaf gesien ten opsigte van Paulus se prediking.

Die woord “*evangelie*” beteken bloot *goeie nuus* en mens kan nie die boodskap van God se Koninkryk skei van die goeie nuus van wat Christus vir ons gedoen het nie. Hy het Sy lewe gegee sodat ons in God se Koninkryk kan leef. Hy is die weg *na* die Koninkryk en die Koning *van* die Koninkryk! Ja, die sentrale boodskap van die Nuwe Testament handel alles oor Jesus van Nasaret, die Seun van God! Die probleem is dat die boodskap wat Hy verkondig het, weggelaat word. Dit is vervang met 'n boodskap oor die *persoon* van Christus. Ongelukkig word die boodskap wat oor daardie persoon met die naam Jesus gepreek word, dikwels grootliks

verdraai of dit beskryf eerlikwaar heeltemal iemand anders.

Paulus het die Kerk van God in Korinthe gekorrigeer: “Want as iemand kom en 'n ander Jesus verkondig as wat ons verkondig het, of as julle 'n ander gees ontvang as wat julle ontvang het, of 'n ander evangelie as wat julle aangeneem het, laat julle jul dit goed geval” (2 Korinthiërs 11:4). Hy het verder verduidelik dat nie almal wat hulleself na die naam van Christus noem, Christus se dienaars is nie. Nee, baie van hulle is dienaars van iemand anders! “Want sulke mense is valse apostels, bedrieglike arbeiders wat hulleself verander in apostels van Christus. En geen wonder nie! Want die Satan self verander hom in 'n engel van die lig. Dit is dus niks besonders wanneer sy dienaars hulle ook voordoen as dienaars van geregtigheid nie. Maar hulle einde sal wees volgens hulle

werke” (verse 13-15). Dit is kragtige woorde! Paulus het hulle dienaars van Satan genoem, alhoewel hulle op die oog af lyk na predikers van geregtigheid en dienaars van Christus.

Mens moet wonder waarom die goeie nuus van Christus se Koninkryk wat na hierdie aarde gaan kom, nie wyer verkondig word nie. Trouens, tensy Hy weer kom, sal geen vlees die mens se rebelse weg oorleef nie (Matthéüs 24:21-22). Die Wederkoms van Jesus Christus na hierdie aarde is die beste nuus wat mens jou ooit kon voorstel. Moontlik is dít waarom Jesus ons beveel om dit op die voorgrond van ons gedagtes te hou wanneer ons bid. Soos die voorbeeldgebed sê: “[L]aat u koninkryk kom ... Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.” (Matthéüs 6:10, 13). **WvM**

Glo u die Ware Evangelie?

*Wat het Jesus WERKLIK verkondig? Weet u? Moenie so seker wees nie!
Wat het Jesus bedoel met “die Koninkryk van God”? Hier is die
opwindende Goeie Nuus: Daar GAAN 'n nuwe wêreld kom!*

Skryf in of skakel ons vir u gratis kopie van hierdie noodsaaklike boekie om die antwoorde op hierdie vrae te kry!

Die einde van Roe v. Wade?

Sal abortie verban word in die Verenigde State?

Deur Mark Sandor

Met 'n nuwe jaar begin 'n nuwe lys van sake om voor die Hooggeregshof van die Verenigde State te kom. Na 'n verstommende omstrede bevestigingsverhoor het Brett Kavanaugh in Oktober 2018 by daardie hof aangesluit en met sy aanstelling het 'n moontlikheid ontstaan wat sommige mense selfs 'n paar jaar gelede as onmoontlik sou beskou. Kan die Amerikaanse hooggeregshof die *Roe versus Wade*-uitspraak omkeer?

Roe versus Wade, 'n berugte hooggeregshofsaak van 1973, het bevind dat abortie deur die 14de Wysigingswet se fokus op persoonlike privaatheid beskerm word. Terwyl sommige state reeds aborties wettig maak het, het hierdie uitspraak baie state se teen-abortiewette, wat sedert die 1800's op die boeke was, van die rol geskrap.

Baie konserwatiewe Amerikaners hoop dat die bevestiging van Brett Kavanaugh iemand sal aanmoedig om 'n nuwe saak by die Hooggeregshof aanhangig te maak – 'n saak wat 'n beslissing teen wettige aborties kan toelaat. Hoe waarskynlik is hierdie scenario? Kan Amerika werklik teruggaan ná bykans 'n halwe eeu van wettige aborties? Sal die heiligheid van die ongebore lewe weer gerespekteer word?

Die saak van hoë verwagtings versus die werklikheid

Ongeag waar die nuwe regter van die Hooggeregshof mag staan of watter uitwerking hy op die politieke of ideologiese neigings van die hof mag hê, is daar verskeie redes waarom die uitspraak van enige toekomstige hooggeregshofsaak, Amerika

nooit heeltemal sal vrymaak van abortie nie. Die eerste rede is dat, selfs al sou die Hooggeregshof *Roe versus Wade* omkeer, sal dit waarskynlik net die wettige gesag vir die regulering van abortie aan die state omkeer en dit word verwag dat baie state abortie wettig sal hou.

Die heel belangrikste rede hiervoor is egter dat enige regering se optrede teen abortie 'n kwessie van die behandeling van die simptome en nie die siekte sal wees nie. Dit is tragies, maar dit wil voorkom of Amerika vergeet het dat buite-egtelike seks gevolge het!

Sedert die seksuele revolusie van die 1960's lyk dit asof Amerika en ander Westerse nasies vasberade was om enige gevolge van buite-egtelike seks – wat die Bybel die sonde van *hoerery* noem – uit die weg te ruim of te ignoreer. Kondome word gratis versprei en universele gesondheidsorg word voorgestel om die uitbraak van seksueel-oordraagbare siektes en infeksies te help hanteer. Aborties is al 45 jaar lank landswyd wettig. Tog het sonde onvermydelike gevolge en baie Amerikaners is verwoes deur onveiligheid, angs, siektes, berou en talle ander kwale weens hulle weiering om seksuele intimiteit vir die huwelik te bewaar.

Die Skepper van die heelal het seks ontwerp as iets vir 'n man en sy vrou om *binne die grense van die huwelik* te geniet. Wanneer seks vir die huwelik bewaar word, word baie risiko's heelwat verminder of uitgeskakel: Seksueel-oordraagbare siektes is nie 'n bron van kommer vir getroude paartjies wat hulle van seks weerhou totdat

hulle getroud is nie. Daar mag soms 'n onbeplande swangerskap wees, maar dan vind dit plaas binne 'n omgewing wat die beste ondersteuning bied – vir ouers sowel as kinders. In plaas van onvermydelike onveiligheid, angs, berou en dies meer, bied seksuele intimiteit binne die huwelik aan paartjies 'n geleentheid vir passie en teerheid, spontaniteit en stabiliteit binne die veiligheid en sekuriteit van 'n groter, onoortreflike verbintenis wat geen mensgemaakte maatskaplike struktuur kan ewenaar nie.

Ons harte moet verander

Al hierdie dinge is vandag vir die meeste Amerikaners verlore! In plaas daarvan om na die Bybel te kyk vir morele leiding, probeer hulle om die gevolge van hulle sondes te vermy. In plaas daarvan om hulle te bekeer van hoerery en egbreuk, dink die meeste mense dat hulle so selfsugtig kan leef soos wat hulle wil! Enige veranderings aan abortiewette op federale of staatsvlak sal nie die harte van mense verander wat hulle eie plesier as die hoogste prioriteit beskou nie.

Ek sê nie dat 'n ommeswaai van *Roe versus Wade* nie 'n positiewe stap vir Amerika sal wees nie. Die positiewe stap is egter nie 'n magiese towermiddel vir die land se ellende nie. Ons het op 'n punt gekom waar mense glo dat hulle aan hul wellus kan toegee en die gevolge kan ignoreer. Geen uitspraak van die Hooggeregshof sal dit verander nie. Totdat daar ware bekering plaasvind en *harte* verander word, moet daar nie veel verwagtings wees met betrekking tot wetswysigings nie. **WvM**

Die kragtige voorreg van gebed

Deur Richard F. Ames

Vind u dat gebed 'n moeilike of minder aangename taak is? Wanneer u leer hoe om te bid word dit 'n groot voorreg wat lewensveranderende seëninge en voordele inhou!

Ons hoor soms van die “een persent” – die welvarende en magtige elite wat toegang tot voorregte en geleenthede het wat nie vir die meeste mense beskikbaar is nie. Hulle mag dalk deftige wonings, seiljagte en selfs persoonlike stralers besit. Beny ons hulle? Dink ons dat hulle rykdom hulle gelukkig maak?

Die bemoedigende waarheid is dat diegene wat die Bybel sowel as die God van die Bybel ken, 'n voorreg geniet wat nie met al die rykdom van die wêreld gekoop kan word nie. Baie min mense kan met vrymoedigheid met die heerser van hulle nasie praat, maar u kan u hart uitpraat in gesprek met Een wat baie magtiger is – die Heerser van die heelal!

Voel u dat God u gebede beantwoord? U Bybel openbaar belangrike sleutels tot beantwoorde gebed – sleutels wat nie bekend is aan wêreldse soekers na mag, besittings en plesier nie. Die God van die hemel bied aan u 'n voorreg wat wonderlike voordele en seëninge kan meebring. Dit is nodig dat u weet hoe u daardie seëninge deur die kragtige voorreg van gebed kan verkry.

Ons het almal behoeftes.

Miljarde mense regoor die wêreld ly onder uiterste armoede, gebrek aan water, swak sanitêre toestande, oorloë, siektes en hongersnood. In die Westerse wêreld is ons gewoond aan 'n veel hoër lewensstandaard as dié in die sogenaamde minder ontwikkelde lande – nasies waarvan, volgens die Verenigde Nasies, die bruto inkomste per capita minder as \$1,025 per jaar is. Baie min van ons in die geïndustrialiseerde Weste ervaar daardie soort armoede. Ons ervaar die spanning van terrorisme, skietvoorvalle by skole en ander vorms van geweld. Baie mense het ernstige mediese toestande en finansiële probleme. Waar kan ons hulp vind? Wat is die grootste bron van hulp wat beskikbaar is?

Wat is u behoeftes? Het u 'n tekort aan kos, klere, behuising of 'n werk? Heel moontlik is u behoeftes meer sosiaal van aard. U mag dalk vertroosting kortkom. U mag dalk vriende nodig hê. Moontlik kort u 'n beter verhouding met u eie gesinslede. Hoe kan u verseker dat daardie behoeftes vervul word? Natuurlik behoort u alles te doen wat menslik moontlik is en gebruik te maak van elke

beskikbare hulpbron. **U behoort egter nooit die kragtige voorreg van gebed te ignoreer nie!** Met gebed kan dit wat onmoontlik lyk, moontlik raak deur God se genadige ingryping. Dink aan hierdie kragtige belofte waaroor die apostel Paulus geskryf het terwyl hy die Filippense lof toegeswaai het vir hulle gesindheid van vrygewigheid: “En my God sal elke behoefte van julle vervul na sy rykdom in heerlijkheid deur Christus Jesus” (Filippense 4:19).

Moontlik voel u afgeskeep of verstoot of onbelangrik, wanneer u sien hoe ons wêreld se politici en sakemanne professionele kontakte ontwikkel en guns van hulle soek wie in meer invloedryke poste of posisies is. Mense in die sakewêreld, die regering, die regslui, finansiële reuse en ander posisies van mag, gebruik dikwels hulle invloed namens diegene wat hulle vir hulp nader. *Oxford Living Dictionaries* definieer 'n “magsmakelaar (*power broker*)” as “'n persoon wat doelbewus deur hulle invloed en gekonkel die verspreiding van politieke of ekonomiese mag beïnvloed”.

Het u 'n “magsmakelaar” nodig om u te help om in die lewe te vorder? Wie sal u die meeste

kan help? Wie sal u kan lei tot ware sukses en ware geluk? Liewe lesers, daar is geen hoër posisie as God se troon in die hemel nie. God belooft u Sy persoonlike liefde, genade en barmhartigheid. Verootmoedig uself, gaan op u knieë en bid tot u Vader in die hemel en u sal voordele verkry ver bo wat u uself kan indink. Is ek besig om te oordryf? Glad nie! Dit is 'n belofte wat ek al baie keer vir myself toegeëien het, met wonderlike resultate. God kan en sal buitengewone seëninge vir ons beskik, indien ons in geloof na Sy troon gaan. "En aan Hom wat mag het om te doen ver bo alles wat ons bid of dink, volgens die krag wat in ons werk, aan Hom die heerlijkheid in die gemeente in Christus Jesus deur alle geslagte tot in ewigheid! Amen" (Efésiërs 3:20-21).

Ja, God skenk aan ons die voorreg om deur gebed voor Sy troon in die hemel te kom. U Bybel wys u hoe om te bid sodat u God waarlik kan vertrou om aan al u behoeftes te voorsien en u "oorvloedig" te seën.

Soek God se wil

U het waarskynlik al gehoor van selfsugtige gebede of "gee my" gebede. Hulle fokus net daarop om God te vra: "Gee my wat ek ook al vra". Mense wie se gebede nie verder gaan as dit nie, raak dikwels teleurgesteld.

Moet asseblief nie verkeerd verstaan nie – God wil waarlik die beste vir elkeen van ons hê. Ons *kan* dus vra dat in ons behoeftes voorsien word en ons *behoort* dit te vra. Wat is u

gesindheid wanneer u vra? Is dit net daarop gemik om selfsugtig vooruit te kom? Is dit om u sin te kry, asof God u persoonlike hoofbediende of muntmasjien is? Kan u werklik verwag dat God u wense waar sal maak, indien daardie wense u sal seermaak of selfs in die pad van u ewige lewe sal staan? Natuurlik nie! Wanneer ons as Christene groei, kom ons wil nader aan God se wil. Let nou op die wonderlike belofte wat God aan diegene gee wat Sy wil bo hulle eie soek: "En dit is die vrymoedigheid wat ons teenoor Hom het, dat Hy ons verhoor as ons iets vra volgens sy wil. En as ons weet dat Hy ons verhoor, dan weet ons dat, wat ons ook al vra, ons die bedes verkry wat ons van Hom gevra het" (1 Johannes 5:14-15).

Selfs Jesus die Christus (Grieks vir "Messias") het Sy wil onderwerp aan die wil van Sy Vader. In die nag voordat Hy gekruisig is, het "... Hy ... Hom van hulle afgesonder omtrent so ver as 'n mens met 'n klip kan gooi, en neergekniel en gebid en gesê: Vader, as U tog maar hierdie beker van My wil wegneem! Laat nogtans nie my wil nie, maar u wil geskied!" (Lukas 22:41-42). Indien daar 'n ander manier was, sou Christus iets anders gekies het as die verskriklike pynlike dood wat Hy gesterf het. Tog was Sy eerste prioriteit die wil van Sy Vader.

Christus het ons hierdie beginsel geleer toe Hy Sy dissipels die "modelgebed" gegee het (Mattheüs 6; Lukas 11). Wanneer ons Sy voorbeeld

in ons eie gebede volg, begin ons deur ons Vader in die hemel aan te spreek en Sy naam te vereer. Ons bid dan vir die geprofeteerde Koninkryk van God om na die Aarde te kom. Let egter op die volgende aspek van ons gebed: "... laat U wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde" (Mattheüs 6:10).

Ja, Christus het ons geleer om te bid dat **God se wil** hier op aarde sal geskied. Sy wil sluit die magtigste van nasies en die nederigstes van individue in. Dit mag in die begin dalk moeilik lyk om ons te onderwerp aan God se wil in ons lewens. Tog verseker God ons dat wanneer ons dit doen, ons tevredenheid, vertroosting, vertrouwe en gemoedsrus sal ervaar. Antieke koning Dawid het van hierdie vreugdevolle nederige gesindheid geskryf: "Ek het lus, o my God, om U welbehae te doen, en u wet is binne in my ingewande" (Psalm 40:9).

Wees eerlik met uself. Sou u eerder "dinge" wou hê wat 'n las en 'n bron van afguns kan word? Sou u eerder die "vreugde" wil hê wat spruit uit die wete dat u God se wil doen en die spesifieke seëninge ontvang wat Hy weet u nodig het? Hoe nader u aan God se wil kom, hoe meer kan u daardie vreugde hê. God openbaar Sy wil in die Bybel, van Génesis tot Openbaring. Lees u Bybel daagliks. Hoe meer u God se wil leer ken, hoe meer sal u gebede beantwoord word in harmonie met Sy sorg en omgee vir u!

– Blaai asseblief om –

Eis God se beloftes

Het u regtig 'n groot, duur huis nodig? Het u regtig 'n vinnige nuwe motor nodig? Het u miljoene en miljoene rande nodig? Ons liefdevolle God sal u nie dinge gee wat slegs u aandag aftrek van u liefdevolle, gehoorsame verhouding met Hom nie. Inteendeel, Hy sal u gee wat u nodig het en Hy sal u begeertes vervul wanneer hulle in ooreenstemming met Sy wil is. Twyfel nooit dat God u liefdevolle Vader is nie. Hoe groot is Sy liefde? Kom ons kyk na een voorbeeld uit die Skrif: “Bid, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal vind; klop, en vir julle sal oopgemaak word. Want elkeen wat bid, ontvang; en hy wat soek, vind; en vir hom wat klop, sal oopgemaak word. Of watter mens is daar onder julle wat, as sy seun hom brood vra, aan hom 'n klip sal gee; en as hy 'n vis vra, aan hom 'n slang sal gee? As julle wat sleg is, dan weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal julle Vader wat in die hemele is, goeie dinge gee aan die wat Hom bid!” (Matthéüs 7:7-11). Indien ons glo dat normale menslike vaders hulle kinders opreg liefhet, behoort ons selfs meer vertrou in God se liefde vir ons te hê!

Stort u hart uit

Terwyl ons daarna streef om nader aan God te kom, behoort ons ons diepste denke en gevoelens met Hom in gebed te deel. Ons weet dat Hy nie altyd aan ons versoeke op ons eie tydrooster voldoen nie. Ons mag huiwerig wees om aan onself te

erken van ons verlange, ons frustrasie en ons diep begeerte om te weet wat Sy wil vir ons is. Hoe behoort ons op Hom te reageer? Ons behoort daarna te streef om in ons gebede so oop te wees soos wat koning Dawid van ouds in sy gebede was. Sommige van Dawid se gebede mag aanvanklik soos klagtes klink, soos wanneer hy uitroep: “Hoe lank, HERE, sal U my altyddeur vergeet? Hoe lank sal U vir my u aangesig verberg? ... Aanskou tog, verhoor my, HERE, my God! Verlig my oë, sodat ek nie in die dood inslaap nie” (Psalm 13:2,4).

Is u gefrustreerd? Deel u frustrasie met God. U menslike vriende en familie mag moeg word om van u diepste worstelings te hoor, maar God is geduldig en sal altyd daar wees vir u. Maak egter seker dat u nie net kla nie. U behoort die moed te hê om verantwoordelikheid vir u optrede te aanvaar. Erken u mislukkings, u oortredings, u foute en u verkeerde gewoontes, optredes en gedagtes. Moontlik het u 'n probleem met onbeheersde woede, dwelm-misbruik, vraatsug of seksuele wellus. Wat u ook al gedoen het, **bely u sondes aan Hom**. God gee ons hierdie belofte: “Maar as ons ons sondes bely – Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid” (1 Johannes 1:9). God is gewillig om ons ons sondes te vergewe, *indien* ons dit erken, *indien* ons dit aan Hom bely – en indien ons bereid is om ons lewenswyse te verander. Wanneer dit lyk asof

God nie u gebede beantwoord nie, mag Hy dalk besig wees om vir u sê: “Dit is nodig dat u eers om vergifnis vra en alles reg te stel sover dit vir u moontlik is”.

Johannes skryf ook; “As ons sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onself, en die waarheid is nie in ons nie” (1 Johannes 1:8). Selfs koning Dawid, 'n man na God se eie hart (1 Samuel 13:14; Handeling 13:22), het sy sonde aan God bely – owerspel met Batseba en deurdat hy haar man Uriá, die Hetiet, na sy dood in die geveg gestuur het. Ten spyte van die erns van sy sonde, het Dawid nederig in diepe berou gebid en hy het op God se vergifnis vertrou. Sy woorde behoort in ons almal te weerklink: “Wees my genadig, o God, na u goedertierenheid; delg my oortredinge uit na die grootheid van u barmhartigheid. Was my heeltemal van my ongeregtigheid en reinig my van my sonde” (Psalm 51:3-4).

Hoe kan ons van ons sonde gereinig word? Die Saligmaker van die wêreld, soos Hy genoem word in Johannes 4:42 en 1 Johannes 4:14, het Sy bloed gestort om vir ons sonde te betaal. Johannes die Doper het van Hom getuig: “Daar is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!” (Johannes 1:29).

Is u gewillig om te verander?

Ons moet bereid wees om ons van ons wêreldse gedrag en gesindhede te bekeer en eerder kies om in harmonie met God se Wet van liefde te leef – die Tien

Gebooie en Christus se beklemtoning van daardie Gebooie. Dit is nodig om in die lig van die waarheid te wandel. God se Woord – die Bybel – **is** die waarheid (Johannes 17:17). Hou hierdie belofte in gedagte: “Maar as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde” (1 Johannes 1:7). Wat 'n wonderlike voorreg wat God aan ons gegee het!

Kom nederig in gebed voor God, net soos koning Dawid, wie gesê het: “Want ék ken my oortredinge, en my sonde is altyddeur voor my. Teen U alleen het ek gesondig en gedoen wat verkeerd is in u oë, sodat U regverdig kan wees as U spreek, rein as U gerig hou” (Psalm 51:5-6).

U mag bekend wees met die gelykenis van die Fariseër en die tollenaar. Die Fariseër was trots op sy godsdienstige rituele. Wat was die gesindheid van die tollenaar? “Maar die tollenaar het daar ver bly staan en wou selfs nie na die hemel opkyk nie. Hy het bedroef op sy bors geslaan en gesê: O God, wees my, sondaar, genadig!” (Lukas 18:13). Wat het Christus gesê oor die tollenaar se gesindheid? “Ek sê vir julle, hierdie laaste een het geregverdig na sy huis gegaan eerder as die eerste een; want elkeen wat homself verhoog, sal verneder word, en hy wat homself verneder, sal verhoog word” (vers 14).

Moenie bang wees nie. God sal u seën as u u sondes in ge-

bed bely. Wanneer u u sondes, bekommernisse en frustrasies met God deel, sal Hy u vermoedsrus gee. U kan dan groei en die weg van 'n oorvloedige en suksesvolle lewe aanleer! Roep uit tot Hom soos koning Dawid gedoen het: “Skep vir my 'n rein hart, o God, en gee opnuut in die binneste van my 'n vaste gees” (Psalm 51:12).

Volg die voorbeeld van die “modelgebed”

Mense verstaan dikwels die “modelgebed” verkeerd – dikwels die “Onse Vader” genoem – in Matthéüs 6 en Lukas 11. Ons Verlosser het ons nie hierdie gebed gegee om woordeliks te herhaal nie. Trouens, Hy gee ons hierdie waarskuwing: “En as julle bid, gebruik nie 'n ydele herhaling van woorde soos die heidene nie, want hulle dink dat hulle deur hul baie woorde verhoor sal word” (Matthéüs 6:7). Christelike gebed is nie die herhaling van 'n frase of vers nie. Die profeet Hosea het die onverskillige benadering van mense betreur wat hy rondom hom gesien het, vir wie gebed 'n gewoonte en roetine was: “Hulle roep nie na My met 'n opregte hart nie” (Hoséa 7:14). Christus wil hê dat ons beter sal doen – om uit die hart uit te bid en die onderwerpe aan te spreek wat Hy in Sy modelgebed beskryf.

Soos vroeër genoem, leer die modelgebed ons om tot ons Vader te bid en om Sy Naam te eer. Ja, dit is nodig om vir ons eie behoeftes te bid en om vergifnis vir onself asook vir ander mense te vra (Matthéüs 6:11-

12). Dit is nodig om te bid vir beskerming teen Satan en sy versoekings. Dit is egter ook nodig om te bid dat God se wil sal geskied en dat Sy Koninkryk op die aarde gevestig sal word. Waarom wil u hê dat God se Koninkryk sal kom? Vandag se wêreld is gevul met oorloë, geweld, armoede en katastrofiese natuurrampe, met inbegrip van aardbewings, tsoenami's, orkane, tornado's, oorstromings, droogtes en vulkaniese uitbarstings. Die wêreld van môre – die Koninkryk van God – sal juig met volhoubare landbou, reën in die regte seisoen, welvaart en vrede onder die nasies. Bid dat God se Koninkryk gou sal kom en sien uit na 'n glorieryke wêreld onder die liefdevolle heerskappy van die Koning van die konings en Here van die here – die Vredevors, die Messias – Christus Jesus.

Terwyl ons oor elke onderwerp in die modelgebed bid – in watter opsig dit op ons en ons huidige situasie van toepassing mag wees – bid ons volgens God se wil. Wanneer ons dit doen, behoort ons God se belofte in gedagte te hou: “En dit is die vrymoedigheid wat ons in Hom het, dat Hy ons verhoor as ons iets vra volgens sy wil” (1 Johannes 5:14).

Bid in Jesus se Naam

Terwyl God ons aan ons sê om vrymoedig voor Sy troon van genade te kom, is dit nodig dat ons verstaan dat ons 'n Groot Hoëpriester aan Sy regterhand het. Deur wie se gesag bid u tot God in die hemel? Let op wat

ons Here en Verlosser aan Sy dissipels gesê het. “En in daardie dag sal julle My niks vra nie. Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, alles wat julle die Vader sal vra in my Naam, sal Hy julle gee. Tot nou toe het julle niks in My naam gevra nie. Bid en julle sal ontvang, sodat julle blydschap volkome kan wees” (Johannes 16:23-24).

Jesus Christus is ons groot Hoëpriester wat voorbidding vir ons doen (Hebreërs 7:25). Hy gee aan ons die gesag om tot God in die hemel te bid. Ons bid in Jesus se naam en deur Sy gesag. Aangesien Hy ons daardie gesag gegee het, kan ons met vrymoedigheid bid, soos ons gesien het in Hebreërs 4:16.

Ons kan met vertrouwe bid

omdat Christus ons Hoëpriester en Verlosser is. Hy simpatiseer met ons swakhede. Hy weet hoe dit is om te ly. Hy was in alle opsigte versoek, net soos ons versoek word, maar tog was Hy sonder sonde (Hebreërs 4:15).

Dit is u voorreg!

God wil hê dat u Sy verwekte seun of dogter sal wees. Hy het Sy liefde bewys deur Sy seun te gee om vir u sondes te betaal. “Want so lief het God die wêreld gehad dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê” (Johannes 3:16).

Geagte lesers, die tyd is besig om min te word, terwyl die wêreld blindelings voortsnel na die Groot Verdrukking en Arma-

gédon. U het God se beskerming, leiding en versekering nodig. Dit is **nou** die tyd om God met u hele hart te soek. Onthou hierdie kragtige vermaning: “Soek die *HERE* terwyl Hy nog te vinde is; roep Hom aan terwyl Hy naby is. Laat die goddelose sy weg verlaat en die kwaaddoener sy gedagtes; en laat hy hom tot die *HERE* bekeer, dan sal Hy hom barmhartig wees; en tot onse God, want Hy vergeef menigvuldiglik” (Jesaja 55:6-7).

God in die hemel nooi u uit om deur die kragtige voorreg van gebed na Hom te kom. Gebruik hierdie sleutels vir beantwoorde gebed en u sal seëninge ervaar soos wat u nog nooit in u lewe ervaar het nie. **WvM**

**Besoek ons webwerf by: www.wvm.co.za
of vir Engelse literatuur: www.tomorrowworld.org**

Vervolg vanaf bladsy 9 – Islam se laaste djihad

“die koning van die Noorde sal op hom [die koning van die Suide] afstorm met strydwaens en perderuiters en baie skepe” – met ander woorde, die koning van die Noorde sal *reageer* en die gebied van die koning van die Suide inval en beset (Daniël 11:40).

Die koning van die Noorde sal verbind wees met die antieke Romeinse Ryk (soos die Europese Unie) en sal na vore kom as 'n “dier”-moondheid wat in Europa gesetel is (Daniël 2:40-45; 7:7, 23-27). Dit sal

verbind wees aan 'n prominente kerk en 'n belangrike godsdiens-tige leier wat ook in Europa gesetel sal wees en sal bestaan uit tien konings of leiers wat hulle soewereiniteit aan 'n sentrale gesag oorgee (sien Openbaring 13 en 17). Intussen dui Daniël se profesieë daarop dat die koning van die Suide verband hou met lande wat deel is van die Arabiese wêreld en wat deur die godsdiens van Islam beheer word. Islamitiese terreur, die meedoënlose demografiese druk van Moslem-migrasie na

Europa en die kulturele pogings om Islam te bevorder, is alles deel van wat baie mense beskou as 'n Islamitiese bedreiging vir Europese identiteite, waardes en tuislande. Sou sodanige druk 'n rol kan speel om die vervulling van hierdie eindtydse profesieë te laat ontbrand? Wat vir die Midde-Ooste voorlê, kan nóg 'n *kritieke keerpunt in die geskiedenis* wees – 'n gewelddadige herhaling van die Kruistogte van die Middeleeue – met 'n vernietigende maar bekende einde vir hierdie laaste djihad. **WvM**

Dit is Londen wat roep “#Me too” is niks nuuts nie

Deur Peter Nathan

Die #Me Too-beweging gaan voort om dinge deurmekaar te krap – hoewel die werklike probleme wat deur die ondersteuners gesoek word om aangespreek te word baie ouer en dieperliggend is as wat baie mense besef. Op 25 Oktober 2018 het Sir Peter Hain opgestaan om diegene toe te spreek wat in die Hoërhuis, die Opperhuis van die Verenigde Koninkryk se Parlement vergader was. Sy toespraak het net 37 sekondes geduur, maar het 'n ontploffing veroorsaak wat nie oortref sou word indien hy 'n kerntoestel laat ontplof het nie. Heel omstrede het hy die verantwoordelikheid op homself geneem om te openbaar wat hy as 'n ondraaglike “hedendaagse” onreg gesien het.

Die doel van sy toespraak was om die identiteit van 'n prominente Britse sakeman wat van seksuele teistering aangekla was, wie se naam voorheen deur die Hooggeregshof geheim gehou is, bekend te maak. Sir Hain het gebruik gemaak van verouderde wette van parlementêre voorreg – wat parlementslede en eweknieë teen lastersake beskerm met betrekking tot wat hulle in die Laeren Hoërhuis sê – om die regters te omseil en 'n persoon se naam openbaar te maak. Die sakeman is beskuldig van ernstige seksuele teistering van personeel en toe hierdie bewerings

oopgevelek word het dit vinnig tot nog ander gelei. In een geval is 'n graafskap – en dus 'n setel in die Hoërhuis – aangebied in ruil vir seksuele gunste.

Dit lyk dus of 2018 in Londen op dieselde noot geëindig het as wat dit begin het.

Januarie 2018 het begin met identiteits-, seksuele en geslagskwessies. Seksuele teistering en klagtes van uitbuiting vanaf vroue teen politici, nuuspersoonlikhede en rolprentsterre het in die media ontplof. Bekende manne in magsposisies – wat lede van die parlement en kabinetsministers insluit – is genoem en tot skande gemaak, uit hulle werk gedwing en moes toekyk hoe hulle openbare status aan flarde geskeur word. Dit het gelyk of elke groep van die samelewing ingesluit was soos wat al hoe meer misbruikte vroue by, wat bekend geraak het as die “#MeToo”-beweging, aangesluit het.

Een tydskrif wat hierdie skandale onder die hoofopskrifte van Januarie 2018 oopgevelek het, het egter ook in dieselfde uitgawe oor “die beste sekstonele in fliëks en TV van 2017” gespog. Dit lyk of die meeste moderne samelewings heeltemal obsessief is met seks!

'n Probleem met 'n lang geskiedenis

Hierdie probleme is nogtans nie

nuut nie. Deur die eeue heen het feodale konings, biskoppe en edeles hulle mag en posisie misbruik om te kry wat hulle wou hê. Hierdie gedrag gaan selfs verder terug – tot aan die begin van die mensdom se geskiedenis soos dit in die Bybel aangeteken is. Net in die boek van Génesis word van talle situasies vertel wat heel tuis by dié sou wees waarvan daarin die vorige jaar 'n ophef gemaak is in die media en nuuskanale.

Van Noag se tyd af, regdeur tot die einde van die boek Génesis, word ons bekendgestel aan byna elke vorm van seksuele aktiwiteit wat deur die onlangse #MeToo-beweging oopgevelek is: Owerspel, hoerery, bloedskande, homoseksualiteit, verkragting, prostitusie en seksuele teistering. Dikwels gebruik die Bybel versagtende taal om hierdie sondes te beskryf in plaas van die eksplisiete taal of “agterlike” taalgebruik wat vandag gebruik word. Daar is tóg enkele uitsonderings: Die verkragting van Dina deur die prins van Sigem (Génesis 34:1-2); Ruben se onbesonnenheid met sy pa se byvrou, Bilha en die gevolge daarvan (Génesis 35:22; 49:1-4) en die eksplisiete verwysings in Génesis 38 na Juda se eskapades met prostitute.

Word hierdie gebeure net aangeteken as verhale van wellus of is daar 'n groter les om

geleer te word?

Die ervaring van Abraham, 'n sentrale figuur in die boek Génesis, bied deel van die antwoord. Hy het 'n pragtige vrou, Sara, in 'n era gehad toe skoonheid die voorreg van koninklike paleise en konings was. 'n Man kon sy lewe verloor indien iemand wat magtiger as hy is, sy vrou wou hê om 'n paleis of harem te versier. Abraham het homself meer as een keer in sodanige verknorsing bevind: Die eerste keer toe die Farao van Egipte Sarai in sy paleis ingeneem het (Génesis 12:10-20) asook toe die koning van Gerar haar as sy vrou geneem het (Génesis 20:1-18).

By albei geleenthede het God ingegryp om Sara te beskerm en haar ongedeed aan Abraham teruggegee, ondanks die feit dat Abraham hierdie heersers mislei het om te glo dat Sarai net sy suster was en nie sy vrou nie. Terwyl hy gekonfronteer was oor waarom hy dit gedoen het, was Abraham se reaksie dat hy bang was dat hy doodgemaak sou word weens Sara en spesifiek omdat die mans in Gerar hom sou doodmaak *omdat hulle God nie gevrees* het nie (Génesis 20:11).

Wanneer die samelewing God nie meer vrees nie

Ons leef soos Abraham in 'n wêreld wat geen vrees vir 'n Goddelike Wese het wat ons aanspreeklik mag hou vir ons dade nie. Ons het gekies om die beslissers van ons eie moraliteit te word. Ons leef in 'n samelewing waarin “vrees” van God

(dit wil sê 'n diepgaande respek) nouliks bestaan. Ons wil graag aan onself dink as bevry – veral van 'n God wat aan ons vertel hoe ons ons lewens behoort te leef.

Abraham se agter-kleinseun, Josef, was 'n jong man wat seksuele teistering van sy werk-gewer se vrou die hoof moes bied. Die gevolg was dat hy in die tronk gegooi is op grond van 'n valse aanklag van poging tot verkragting omdat hy God gevrees het en geweier het om op haar toenadering te reageer (Génesis 39:1-15). Josef het die heiligheid van die huwelik verstaan en geweet dat dit nie reg is om iemand anders se vrou te neem nie, hoe aantreklik en aantreklik daardie idee ook al was. Hy het besef dat om seks met haar te hê boos en sondig sou wees (Génesis 39:8-9). Hy was gemotiveer deur die vrees van God, 'n byna ongehoorde konsep in die 21ste eeu.

Die apostel Paulus het hierdie dinge in gedagte gehad terwyl hy Christene wat in Korinthe bly toegesprek het – een van die seksueel aktiefste stede in die wêreld van die eerste eeu. Hy het die denke van die Kerk toe reeds en vandag nog steeds, gefokus op 'n fundamentele punt wat vir verskeie mense verlore gegaan het. Dit is slegs ons Skepper wat die reg het om te bepaal wat reg en verkeerd is in die gebruik van ons hormone en drifte – ons word aangesê om God met ons liggame te eer (vrees) deur te “vlug vir die hoerery” (1 Korinthiërs 6:18-20). Paulus het dit ook aan die Kerk

in Thessalonika beklemtoon en by-gevoeg “elkeen moet weet om sy eie vrou te verkry in heiligheid en eer” (1 Thessalonicense 4:3-4).

Die #MeToo-hoofopskrifte beklemtoon iets uiters eenvoudig: Ons dink nie soos God nie! Ons “bevryde” samelewings het tot die slotsom gekom dat seks iets vir persoonlike genot is, met die klem op “persoonlik”. Dit is vir die “eie ek”. Indien ons nie versigtig is nie, sal dit al te maklik wees vir enigeen van ons om te swig voor hierdie denkwysse.

Ons behoort bewus te wees van wat ons denke en lewens-beskouing in vandag se samelewing vorm. Is dit die nuus-media en die vermaaklikheids-wêreld met hulle “enigiets is toelaatbaar” mentaliteit? Of is dit die onderrig wat aan ons gegee is in God se Woord, Sy handboek vir ons lewens? Swig ons voor die vrydenkende gees en onbeteuelde seksualiteit wat ons wêreld kenmerk en die lewens en reputasies van so baie mense verwoes het? Benader ons ander mense – met inbegrip van iemand met wie ons uitgaan of ons gade – op 'n manier wat die “vrees van God” weerspieël, wat Abraham moes leer en wat Josef uitgeleef het?

Gaan voort om hierdie tydskrif te lees om meer te leer oor die belangrikheid daarvan om God te vrees en hoe, deur dit te doen, 'n deur oopgemaak word vir oplossings vir die probleme wat ons in hierdie wêreld ervaar. **WvM**

Vrae & Antwoorde

Presies wát is die onvergeeflike sonde?

VRAAG: In Mattheüs 12:31-32 het Jesus gepraat van 'n onvergeeflike sonde. Wat is hierdie sonde en waarom kan dit nie vergewe word nie?

ANTWOORD: Die gedagte om vir ewig van God afgesny te wees, is te verskriklik om aan te dink. Baie opregte mense het hierdie saak egter verkeerd verstaan en hulle is onnodig bekommerd.

nligting oor die onvergeeflike sonde, gaan aanlyn om ons Maart-April 2016-artikel "Is daar 'n onvergeeflike sonde?" te lees by wvm.co.za. In Mattheüs 12 is 'n duiwelbesete man [wat blind en stom was] na Jesus gebring vir genesing. Nadat die duiwel uitgedryf is, het hierdie man sy vermoë om te sien en te praat weer teruggekry. 'n Skare het hierdie wonderwerk gesien en uitgeroep: "Is Hy nie miskien die Seun van Dawid nie?" (Mattheüs 12:22-23). Hulle het gedink dat Jesus die voorspelde Messias kon wees, want "So iets is nog nooit in Israel gesien nie!" (Mattheüs 9:32-33).

Die Fariseërs, wat siedend van afguns was, het Christus in onguns probeer bring deur te sê dat Hy hierdie wonderwerk uitgevoer het "deur Beëlsebul, die owerste van die duiwels" (Mattheüs 12:24). Jesus het met 'n somber waarskuwing gereageer: "Daarom sê Ek vir julle: Elke sonde en lastering sal die mense vergewe word, maar die lastering teen die Gees sal die mense nie vergewe word nie. En elkeen wat 'n woord spreek teen die Seun van die mens, dit sal hom vergewe word; maar elkeen wat spreek teen die Heilige Gees, dit sal hom nie vergewe word nie, in hierdie eeu nie en ook in die toekomstige nie" (verse 31-32). Jesus het hierdie onbekeerde Fariseërs verantwoordelik gehou vir hulle gesindhede.

Die woord "godslastering" kom van die Griekse *blaspheme* "om teen iets uit te vaar of om minagting van God of van godsdienstige dinge te praat" (*Vine's Expository Dictionary*, bl. 69). Jesus het dit godslastering genoem om teen die Seun van die mens en die Heilige Gees te praat. Waarom was godslastering vergeefbaar teen Jesus Christus, maar *onvergeeflik* teen die Heilige Gees?

Jesus het in die vlees gekom as 'n gewone Jood van sy tyd – 'n nederige timmerman se seun. Die gemiddelde persoon kon maklik verkeerd verstaan het wie Hy was. Fisies het hy nie uitsonderlik of uniek voorgekom nie (Jesaja 53:2). Niemand – nie

eens die wederstrewige Fariseërs nie – kan die krag van die Heilige Gees miskyk nie. Nikodemus, 'n Fariseër, het geweet dat Jesus "'n leraar is wat van God gekom het". Hy het geweet God se krag was met Christus (Johannes 3:1-2)! Die skare het ook hierdie waarheid duidelik erken wat die Fariseërs probeer ontken het.

Ten spyte daarvan dat hulle *beter geweet het*, het die Fariseërs Christus se wonderwerke toegeskryf aan die bose werk van Beëlsebul, 'n ander naam vir Satan die duiwel (Openbaring 12:9; 2 Korinthiërs 4:4; Efésiërs 2:2). Die Fariseërs se optrede het inderdaad die krag van God beledig en dit "'n onreine gees genoem" (Markus 3:28-30).

Die apostel Paulus waarsku Christene ook oor gevare wat tot die onvergeeflike sonde kan lei: "Want dit is onmoontlik om die wat eenmaal verlig geword het en die hemelse gawe gesmaak en die Heilige Gees deelagtig geword het, en die goeie woord van God gesmaak het en die kragte van die toekomstige wêreld, en afvallig geword het – om dié weer tot bekering te vernuwe, omdat hulle ten opsigte van hulleself die Seun van God weer kruisig en openlik tot skande maak" (Hebreërs 6:4-6).

Die onvergeeflike sonde beteken om weg te val nadat ons die "goeie woord van God" en God se krag ervaar het en dit in so 'n mate doen dat bekering "onmoontlik" geword het. Die Fariseërs het eerstehands baie wonderwerke gesien wat deur die krag van God se Gees gedoen is. Hulle het dus die gevaar geloop om nie net Jesus Christus opsetlik te verwerp nie, maar ook die krag van God wat mense in die Seuns van God kan verander (Romeine 8:15). Dit het gegaan daarvoor dat hulle dan "opsetlik sondig" (Hebreërs 10:26). Dit sou hulle gewete onherstelbaar toeskroei. Die Fariseërs moes hulleself bekeer en hulle denkwysse verander, voordat dit te laat was!

Ware Christene moet noukeurig let op wat hulle in hulle gedagtes toelaat. Hulle begeer om deur God se Heilige Gees (Romeine 8:14) gelei te word om "elke gedagte gevange [te] neem tot die gehoorsaamheid aan Christus" (2 Korinthiërs 10:5). **WvM**

Die werke

Wetenskap en die roem van konings

Op sekere maniere herinner die wetenskap ons aan een van die Bybelse spreuke: “Dit is die eer van God om 'n saak te verberg, maar die eer van konings om 'n saak na te speur” (Spreuke 25:2). Die natuurwetenskappe – fisika, chemie, biologie en hulle subvakgebiede – verteenwoordig die gees van hierdie vers. Elkeen van hierdie dissiplines is 'n poging om die werke van die Skepper se hande te verken en feite te soek wat onder die oppervlak weggesteek is. Soos 'n enjin wat onder die motorkap weggesteek is, is soveel van die ingewikkelde, binne-werking van Sy skepping onder die oppervlak verborge en daar is wonders te vinde in die openbaarmaking daarvan.

Dalk help die spreekwoord om te verduidelik hoe wetenskap by die punt gekom het om vandag byna soos 'n godsdiens behandel te word, met die wetenskaplikes as priesters. Daar is 'n aura rondom die werking van die wetenskap. Die bevindings van die wetenskap word nou hanteer op dieselfde manier soos wat uitsprake oor God se openbaring in die Bybel voorheen hanteer was. Diegene wat die konsensus van wetenskaplikes bevraagteken word soms as wêreldse kettters behandel.

Tog, vir die edele strewe wat dit kan wees en die “roem” wat

dit meebring, is wetenskap nog steeds 'n baie menslike strewe, onderhewig aan menslike feilbaarheid. Hierdie sy van die wetenskap is onlangs in die nuus bekend gemaak en deur te mediteer oor die bevindings daarvan, kan ons 'n aantal waardevolle dinge leer.

Word daar totsiens gewuif vir swaartekraggolwe?

Indien u in 2017 'n intekenaar van hierdie tydskrif was, het u dalk ons artikel “Einstein, God en gravitasiegolwe” in daardie jaar se Mei-Junie-uitgawe gelees. Die bevinding wat vroeër daardie jaar bekend gemaak is, was indrukwekkend en inspirerend: 'n Span werkers van die *Laser Interferometer Gravitational-Wave Observatory* (LIGO)-eksperiment het aangekondig dat swaartekraggolwe uiteindelik ontdek is – die gevolg van 'n botsing van twee gravitasiekolke, ver in die ruimte. Die LIGO-spanne het innoverende en merkwaardig sensitiewe instrumente ontwikkel en dit wil voorkom asof rimpelings aangetoon word wat in die struktuur van ruimtetyd van die heelal voorkom. Hierdie soort rimpelings of swaartekraggolwe, word voorspel deur Albert Einstein se algemene relativiteitsteorie.

Die ontdekking was wyd en synd opgehemel en ons het daarvan geskryf en opgemerk

hoe merkwaardig dit is dat Einstein met “gedagte-eksperimente” kon begin – beperk deur die beperkings van ons relatief klein wêreldjie – tot akkurate gevolgtrekkings te kom oor sodanige gebeurtenisse diep in die heelal. Die ontdekking was, soos ons destyds geskryf het, “'n huldeblyk aan God se wonderlike en ordelike *ontwerp* deur die grondslag van die werklikheid!”

Ten minste was dit so tot onlangs.

Soos berig in *New Scientist* in hulle November 3, 2018-uitgawe (“*Wave Goodbye?*” deur Michael Brooks), het die deeltjiefisikus en kosmoloog Andrew Jackson asook 'n groep mede-navorsers by die Niels Bohr-instituut in Kopenhagen, Denemarke, begin om die LIGO-resultate te ondersoek die oomblik toe dit aangekondig is en hulle het ernstige vrae gehad. Hulle is kundiges om groot versamelings data te ondersoek en te onderskei tussen egte seine in die data en blote geraas. (Stel u voor u luister na 'n swak radiostasie met baie steurnisse. Die steurnisse is die “geraas”, terwyl die musiek wat u probeer hoor, die “sein” is.)

Die Deense span betwis die opsporing van swaartekraggolwe en beweer dat die LIGO-span die geraas in die data nie behoorlik verwerk het nie en dat die sein wat deur die span

van Sy hande

opgespoor is, 'n illusie is wat deur daardie fout geskep is. Soos die *New Scientist* noem, het hulle twyfel 'n aantal wetenskaplikes oortuig. Die meeste van die LIGO-span hou vasberade by hulle oortuiging dat hulle wel swaartekraggolwe opgespoor het en ander weifel in die spektrum tussen daardie posisies.

Dit lyk of die jurie, vir nou altans, nie uitsluitel hieroor bereik het nie.

Groter lesse

Ongeag hoe die saak uiteindelik besleg gaan word, bied die vrae wat nou die LIGO-ervaring omring, stof tot nadenke.

Eerstens behoort daarop gelet te word dat daar 'n rede is om iets te soek wat God weggesteek het, naamlik die "roem van konings". Dit is nie 'n maklike taak nie. God se skepping is wonderbaarlik en dien as 'n gepaste monument vir die vindingrykheid en intelligensie van die Een wat dit geskep het. Soos ons in ons eie artikel opgemerk het, is dit 'n wonder dat ons *enigiets* van die kosmos kan verstaan – 'n eerbetoon aan die feit dat Hy hierdie fisiese ryk gemaak het volgens vasgestelde wette en verordeninge wat ontdek kan word (vergelyk Jeremia 33:25), in ooreenstemming met Sy eie bestaan as 'n ordelike en rasionele God. Dit beteken egter

nie dat dit maklik is om dit te vind en te verstaan nie.

Verder kan ons herinner word aan die waarlik nederige posisie wat ons beklee in vergelyking met ons Skepper. Psalm 147:5 verklaar: "Onse Here is groot en ryk aan krag; sy verstand is oneindig." Let wel: Sy verstand is oneindig. *Ons s'n* is beslis nie. Koning Dawid het die merkwaardige vermoëns van die verstand van God bedink – asook die vreugdevolle feit dat so 'n verstand eintlik van sy eie klein lewetjie op hierdie wêreld kennis geneem het, het dit hom laat afsluit: "Om dit te begryp, is te wonderbaar vir my, te hoog: ek kan daar nie by nie" (Psalm 139:6).

Terwyl ons ware wonders kan ontdek in die veelvuldige skeppings van ons Skepper – die spore van Sy vingerafdrukke op hulle vorms – kry ons net 'n vlugtige blik op dit wat ons kan waarneem. Soos die aartsvader Job opgemerk het: "Kyk, dit is maar die uitlopers van Sy weë, en watter fluisterwoord hoor ons maar van Hom! Wie sou dan die donder van sy magtige daade verstaan?" (Job 26:14). Wanneer ons soek na daardie vingerafdrukke, daardie fluisteringe, behoort nederigheid ons gids te wees. 'n Diepe begrip dat ons in Sy wêreld rondtas, nie Hy in ons s'n nie (vergelyk Handeling 17:27), behoort ons naaste metgesel te wees.

Die LIGO-bespreking behoort ons ook daaraan te herinner dat ons in hierdie lewe nooit *alles* sal weet nie, hoe graag ons ook al wil. Die apostel Paulus het daardie feit aangegryp en verstaan dat ons in hierdie tyd "ten dele ken" en dat ons slegs met ons verheerliking en toetrede tot die Koninkryk van God, alles sal weet, net soos God ons ook ken (1 Korinthiërs 13:12). Tot dan sal daar altyd stukkies van die legkaart ontbreek – dalk net genoeg ontbrekende stukkies om ons aan te spoor om 'n oomblik te wag, na te dink en te oorweeg of ons genoeg tyd daaraan bestee om die *regte* legkaart op te los of nie.

Die grootste soektog

Daar is op die ou einde 'n legkaart wat belangriker is as al die ander – 'n soektog wat ons meer sal verheerlik as enige ander een wat ons kan onderneem. Dit behels om meer te doen as om rond te krap in die werke van Sy hande vir verborge kennis van hoe alles werk. Dit behels aanvaarding van die feit dat ons, almal van ons, die werk van Sy hande is en dat Hy ons vir 'n *doel* gemaak en gevorm het.

Om daardie doel te ontdek en die manier om daardie doel te bereik, is die soektog van 'n leeftyd. Eerder as om in die donker rond te ploeter – nie in staat om te onderskei tussen die sein en die geraas nie – kan ons

Twaalf Sleutels tot Verhoorde Gebed

Waarom verhoor God die meeste mense se gebede nie?

Weet u hoe om op sodanige wyse te bid dat u ware resultate sal kry?

Skryf in of skakel ons om u eie gratis kopie van die boekie met hierdie noodsaaklike inligting in die hande te kry!

dit wat ons nodig het, onmiddellik ontdek, as ons maar net nederig bereid is om na die Bron te gaan. Daar word aan ons vertel dat die soektog nie \$620 miljoen sal kos soos die LIGO-opspoorders nie, maar dit kos

wel "jou hele hart" en "jou hele siel" (Deuteronómium 4:29). Aan die een kant lyk dit na 'n baie hoër prys. Nogtans is dit inderdaad 'n baie klein prys as u die doel van so 'n soektog verstaan: Nie om deel te hê aan

die heerlikheid van konings nie, maar om in die heerlikheid van God te deel (1 Thessalonicense 2:12).

—Wallace Smith

U uiteindelijke Lotsbestemming

Hoekom is spesifiek ú gebore? Hoekom laat God toe dat selfs toegewyde Christene vir jare en dekades beproef en vervolg word? Hoekom is dit so belangrik dat ons die sonde moet oorwin? Wat is die mens se ongelooflike DOEL op hierdie aarde?

Skryf in of skakel ons vir u eie gratis kopie van hierdie noodsaaklike boekie om die antwoorde op hierdie vrae te kry!

Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik

enige ander plek waar hulle hul mag raakloop, te treiter, is iets ernstigs verkeerd.

Vrede sal kom, maar nie op die manier wat die meeste mense verwag nie. Vir dekades lank het hierdie Werk die uiteindelijke ondergang van Brittanje en die Verenigde State voorspel. Brittanje het sy mag verloor en die Verenigde State sal volg. Waar sal dit Kanada, Australië en Nieu-Seeland laat? Wat sal gebeur met België, Nederland en die Skandinawiese lande? Waar sal Frankryk eindig? Sal hulle met 'n komende Europese moonheid verenig word soos wat lank gelede in die Bybel voorspel is? Sal hulle moontlik aan die kortste ent trek soos in twee groot oorloë gedurende die vorige eeu?

Die einde is vooruit voorspel

Die Bybel wat deesdae deur so baie mense verag word, het lank gelede voorspel dat die mensdom die punt sou bereik waar alle lewe nie maar net uitgewis sou *kon* word nie maar *wel* uitgewis *sal* word (Matthéüs 24:21-22). Daar is egter goeie nuus. Namate die wêreld nader aan die rand van volkome uitwissing kom, sal God ingryp om die kranksinnigheid te beëindig.

Baie mense glo in God. Hulle glo dat Jesus na hierdie aarde gekom het as 'n mens, dat Hy magtige wonderwerke gedoen het, dat Hy doodgemaak is en dat Hy uit die dood opgewek is. Om een of ander rede is dit makliker om in iets te glo wat twee millennia gelede gebeur het, as om te glo dat Jesus Christus sal terugkeer, letterlik sal ingryp in menslike sake en op aarde sal regeer as Koning van die konings. Ons behoort liewer te hoop dat Hy sal, want volgens die rigting wat ons nou inslaan, is die val van die Amerikaanse ryk en selfs die menslike uitwissing, nie so ver in die toekoms as wat ons graag sou wou glo nie!

Wedywerende belanghebbendes veg vir beheer oor die stad Jerusalem – daar is geen vrede

in die “stad van vrede” nie! Die Bybel vertel ons dat dit sal verander. Let daarop dat dit wat ons vandag sien akkuraat beskryf word: “En in dié dag maak Ek Jerusalem tot 'n baie swaar klip vir al die volke: elkeen wat dit optel, sal hom daarmee sekerlik seer maak; en al die nasies van die aarde sal daarteen vergader word” (Sagaria 12:3). Sagaria beskryf ook hoe die voortdurende konflik sal eindig: “Kyk daar kom 'n dag vir die HERE ... Want Ek sal al die nasies versamel om oorlog te voer teen Jerusalem ... En die HERE sal uittrek en stryd voer teen dié nasies soos op die dag van sy stryd, die dag van oorlog. En in dié dag sal sy voete staan op die Olyfberg ... En die HERE sal Koning wees oor die hele aarde ...” (Sagaria 14:1-4, 9). Hy wys dan daarop dat die Koning, Jesus Christus, alle nasies sal verplig om die feesdae te onderhou wat Sy doel en plan vir die mensdom verduidelik (verse 16-19).

Dit is die goeie nuus wat Jesus verkondig het! Dit is die Evangelie van die Koninkryk van God, soos in meer detail verduidelik word in my artikel in hierdie tydskrif: “*Waarom word hierdie boodskap weggelaat?*” Dit is ook geboekstaaf in ons boekie, *Glo U die ware Evangelie?* Hierdie boodskap van vrede en voorspoed vir almal, kan gevind word onder van die heel mooiste Skrifgedeeltes:

“En aan die einde van die dae sal die berg van die huis van die HERE vasstaan op die top van die berge en verhewe wees bo die heuwels, en die volke sal daarheen toestroom. En baie nasies sal heengaan en sê: Kom, laat ons optrek na die berg van die HERE en na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons in sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem. En Hy sal oordeel tussen baie volke en regsprek vir magtige nasies tot in die verte; en hulle sal van hul

Verwittig ons asseblief onmiddellik van enige verandering in u posadres.

Onthou asseblief om in te skakel op
Tomorrow's World TV-program van
 11:00 tot 11:30 v.m. op Sondag-oggende,
kanaal 263 op DStv.

swaarde pikke smee en van hul spiese
 snoeimesse; nie *meer* sal nasie teen nasie
 die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer
 leer om oorlog te voer nie" (Miga 4:1-3).

diktators wat hulle naaste en selfs hulle eie mense
 onderdruk! Dit is nie net ons beste hoop vir vrede
 nie, dit is ons enigste hoop! Dit is die boodskap wat
 ons hier by die *Wêreld van Môre* verkondig!

Die heersende Christus sal hulpbronne
 aanwend om op te bou eerder as om te vernietig.
 Hy sal weet wat om te doen met die meedoënlose



Wêreld van Môre

Bybelstudiekursus

Skryf gerus vandag reeds in om hierdie
 insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang!
 Dit sal u Bybelkennis grootliks aanvul en u met
 nuwe oë na die lewe laat kyk.

Skryf aan: Lewende Kerk van God
 Privaatsak X 3016
 Harrismith, FS
 9880

of skakel : 058 622 1424
 en meld dat u navraag doen
 oor die "Wêreld van Môre" Bybelstudiekursus